Matieland

3:78

In Pietermaritzburg, het John Herridge en sy vriende ontdek mens kan goeie wyn sonder seremonie geniet

KELLERPRINZ -HUISWYNE

Die wyn waarmee Suid-Afrikaners tuis voel

Kellerprinz-huiswyne het ontspring uit 'n eenvoudige ideaal wat lank reeds nagestreef word in lande soos Frankryk, Duitsland en Portugal: "Elke huis verdien die alledaagse vreugde van 'n goeie wyn."

In hierdie tradisie bied Kellerprinz u sewe waarde-vir-geld Huiswyne van puik gehalte. Probeer hulle: Dis die wyne waarmee u tuis sal voel.

Tassenberg	droë, ligronde rooiwyn
Amorosa	halfsoet rooiwyn
Rosanne	delikate, halfsoet rosé
Stein Perlé	ligte, wit perlé
Stein	halfsoet witwyn
Roma White	droë witwyn
Late Harvest	sagronde, soet witwyn

SFW

VZ77/2986

NOMMER DRIE
JAARGANG 22
DESEMBER 1978

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
Pronkerig, mensliewend en baie opreg	4
Klein John maak geskiedenis	7
Rektor by groot kongres in Iran	8
Lewe lank B.T.K.!	10
Al delwende opwaarts . . .	12
Drie-eeufees op hande	13
Bemakings bly belangrike bron	14
Aand van die groot orkeste	16
Van ons donateurs	18
Man uit een stuk	22
Rugby sê vaarwel aan Coetzenburg	24
Premier eregraduandus	26
Strykensemble trek aandag	27
Deeglike opleiding vir sleutelberoep	28
Hoe meer dae, hoe meer dinge	30
In Memoriam	32
Frans Erasmus se naam leef voort	33
U skryf aan . . .	34
Na-uurse Maties kom van oraloor	36
'Republiek' mondig	37
Aanstellings en bevorderings	38
Oud-Matie Goudstad se burgemeester	41
Kongresgangers beïndruk met Conserve	42
Marais en Marais aan 'bewind'	43
Vesting val voor Evas	43
Fotovaria	44
Koor kyk terug op veel sukses	46
Aanvaar hulle soos hulle is	48

Klein John maak geskiedenis —bl. 7

Man uit een stuk—bl. 22

Vesting val voor Evas—bl. 43

VOORBLAD:
Twee gevierde Oud-Maties—ons Staatspresidentspaar, dr. John en mev. Tini Vorster, afgeneem kort na die inhuldiging op 10 Oktober in Pretoria. (Foto: Beeld)

Gedruk deur
TRIO-RANDS.A. LITHO

OUD-MATIES!

Besit 'n eie stukkie "Africana" van u Alma Mater

Hierdie pragtige Universiteitswapen gemaak van 'n verbronsde vesel en gemonteer op hout, 25cm x 18cm, sal die trots van u studeerkamer wees.

Stuur u tjek/posorder vir R7,55 aan:

Wilhelms Sportwinkel
Pleinstraat 69
STELLENBOSCH
7600

- Die bedrag van R7,55 sluit posgeld en algemene verkoopbelasting in.

REDAKSIONEEL

Op die nasionale simposium van die Komitee van Universiteitshoofde (K.U.H.) wat in September in Pretoria plaasgevind het, is daar lank en deeglik gekyk na die probleme verbonde aan die oorgang van skool na universiteit. Dit was 'n indaba op hoë vlak. Daar was verteenwoordigers van die 17 Suid-Afrikaanse universiteite en van die Universiteit van die Transkei, en ook van vyf provinsiale onderwysdepartemente en die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

Tien referate is op die simposium voorgedra en daarmee is die probleem van die onsuksesvolle eerstejaarstudent uit 'n verskeidenheid hoeke benader. Indringende besprekings is onder meer gevoer oor aspekte soos differensiëring (op skool- en universiteitsvlak), voorligting, universiteitstoelating en druipsyfers.

Die druipsyferaspek het in die maande voor die simposium heelwat aandag in die nuusmedia geniet, en talle voorstelle ter verbetering is aan die hand gedoen.

Die simposium het getoon dat daar weggekom moet word van die begrip druipsyfer. Die sukseskoers behoort as uitgangspunt te dien. Daarmee word bedoel die persentasie voorgraadse studente wat uiteindelik grade verwerf. Dit is tog immers die positiewe kant van dié ontstellende verskynsel.

Universiteite in Suid-Afrika se prestasie ten opsigte van 'n algemene sukseskoers is iets waarop hulle inderdaad trots kan wees. Gedurende die tydperk 1955-1961 was die sukseskoers aan universiteite 56%. Tussen 1969 en 1975 het dit opgeskuif na 67%, en dit te midde van 'n tydperk waarin die persentasie van die ouderdomsgroep wat matrikuleer, toegeneem het tot ongeveer 27% van 'n ouderdomsgroep. Die getal studente wat as 'n risiko beskou kan word, het dus ook toegeneem. Boonop het dit ook geskied in 'n tydperk waarin die persentasie van die ouderdomsgroep wat op universiteit afstudeer, toegeneem het.

Aan die Universiteit van Stellenbosch het 72% van 1969 en 1970 se inname uiteindelik die een of ander vorm van hoër opleiding met welslae voltooi. Stellenbosch is gelukkig om goeie studentemateriaal te kry. Van 1 251 vroue wat verlede jaar aansoek gedoen het om toelating tot die U.S., het 833 bo 60% op skool behaal. Van 1 447 aansoeke van mans, het 870 bo 60% op skool gehad. En 63,7% van die eerstejaars het matriek in die eersteklas geslaag.

Dié syfers is bemoedigend maar dit kan nog heelwat verbeter. En dieselfde geld vir die sukseskoers van universiteitstudente in Suid-Afrika in die algemeen. Dit móét verbeter. Sonder dat universiteite hoegenaamd enige verlaging in hulle peil van onderrig durf aanbring.

Hoër onderwys kan alleenlik baat by die voortsetting van die werksaamhede van die K.U.H. se simposium in Pretoria. Gespesialiseerde arbeidskrag is 'n noodsaaklikheid en dit kan alleen gelewer word deur taakbewuste universiteite en bekwame dosente. Die eise van die tyd waarin Suid-Afrika beweeg, is hoog en word steeds hoër.

FOKUS

En hier bring ons hulde aan ons Kanselier, dr. B. J. Vorster, wat op 10 Oktober vanjaar as Suid-Afrika se vierde Staatspresident ingehuldig is. Hy is die eerste Oud-Matie wat tot dié hoë amp verkies is, en is ook die eerste man wat Premier van Suid-Afrika was voordat hy Staatspresident geword het. Baie Oud-Maties se name staan verewig in die geskiedenis van ons land, maar só 'n prestasie sal beslis nie maklik geëwenaar word nie.

Dié gevierde oudstudent van Stellenbosch sal op 13 Desember vanjaar 63 jaar oud wees. Hy is op Jamestown in Oos-Kaapland gebore—die 13e kind van 'n gesin van 14. Dertien sou blyk 'n betekenisvolle syfer in sy lewe te wees . . .

Na 'n briljante skoolloopbaan—hy het onder meer Engels met onderskeiding in matriek geslaag—is hy in die jare dertig met £95 in sy sak na Stellenbosch om hom in die regte te bekwaam. Dr. Vorster het die grade B.A. en LL.B. in 1938 verwerf. Hy was onder meer lid van die SR en onderprimarius van Dagbreek.

Agt-en-twintig jaar nadat hy op Stellenbosch in die regte afstudeer het, op 13 September 1966, is hy verkies tot Eerste Minister van Suid-Afrika. In dié stadium was hy 13e in rangorde van senioriteit in die Kabinet. Vanjaar, pas nadat hy sy 13e bewindsjaar as Premier betree het, het hy besluit om die tuig neer te lê. Dr. Vorster was langer as enige van sy voorgangers Eerste Minister van Suid-Afrika.

Daar is min mense in Suid-Afrika wat nie sal saamstem dat dr. Vorster in 'n rapsie meer as 12 jaar getoon het dat hy 'n leier van buitengewone formaat is nie, en dat hy onder die heel eerstes in die geskiedenis van hierdie land getel moet word.

Nog nooit het 'n Eerste Minister soveel steun onder die ganse bevolking van hierdie land geniet nie. Gelukkig vir Suid-Afrika het die tydvak van dr. Vorster as Staatspresident reeds begin.

Die stempel wat John Vorster op Suid-Afrika gelaat het, sal nooit verdof nie.

Pronkerig, mensliewend, gesog en baie opreg...



'n Prentjie om elke man se hart vinniger te laat klop. Mej. Emily Schneinder-Waterberg van Otjiwarongo in Suiwes-Afrika en tweedejaarstudent in voedselwetenskap, staan hier by die Lipizzaner-hings Siglavy Savona, wat uit Oostenryk deur Sentrachem Bpk. ingevoer en aan die U.S. vir teeldoeleindes geskenk is. Hy is afgerig in die beroemde Spaanse Ryskool in Wene waar sy grootvader Siglavy Brezowica vir 18 jaar aan vertonings deelgeneem het. Hy het veral uitgeblink in die courbette, wat een van die skouspelagtigste bewegings van die dansende wit perde is.

Okosongomingo Argon . . . Siglavy Savona . . . Leopold . . . Lodewyk . . . Louisa. Dié name klink byna soos dié van patriargale vaders of lede van 'n Europese vorstehuis, maar in werklikheid behoort hulle aan doodgewone Maties.

Maar ook nie doodgewoon nie, want hierdie Maties sal 'n Julian Marsay of 'n Andries Krogman of 'n Boland Coetzee in die stof laat byt wanneer dit kom by *vinnig* en *ver* en *uithou.*

Dit is van dié soort Maties waarvan 'n Arabiese legende sê:

> *"And to create the Mare, God spoke to the south wind:*
> *'I will create from you a being which will be a happiness to the good and a misfortune to the bad. Happiness shall be on its forehead, bounty on its back and joy in the possessor.' "*

Dié besondere groep "Maties" is die perdeteelkudde van die Universiteit se fakulteit van landbou.

Die teling, voeding en versorging van perde maak 'n integrerende deel uit van die studiemateriaal van studente in die veekunde, en dit is veral die departemente veekunde en mens- en dierfisiologie wat aktief met die perde op die Universiteit se proefplase Mariendahl en Welgevallen gemoeid is.

Mnr. Koos du Toit, beampte verantwoordelik vir die Universiteit se perdenavorsingsprojekte en perdestoeterye, by twee van U.S. se spogperde, t.w. Okosongomingo Argon, 'n deelsgeteelde Arabiermerrie, en haar vul uit die Lipizzaner Siglavy Savona. Die merrie is vanjaar op die Lynedoch-skou as die kampioenperd in haar klas aangewys, en op die Kaapse Skou as reserwe kampioen.



Nooitgedacht Louisa met haar vul U.S. Anemoon. Die stewige bouvorm van die Nooitgedachtponie kan duidelik op die foto gesien word. Dié diere is ideale ryponies vir kinders.

Die departement veekunde het oor die afgelope drie jaar onder leiding van prof. Frans van der Merwe 'n teelkunde van 12 merries opgebou bestaande uit vier Nooitgedachtmerries, vier deelsgeteelde Arabiermerries uit Otjiwarongo en vier ander merries wat deur private telers geskenk is.

Die Nooitgedacht-hings op Mariendahl is Leopold, wie se vaar, Predikant, 'n besondere bydrae gelewer het tot die teelverbetering van die ras. Welgevallen spog met die Lipizzanerhings, Siglavy Savona, wat sy basiese afrigting in die beroemde ruiterskool in Wene ontvang het voordat hy op sewejarige ouderdom as teelhings na Suid-Afrika gebring is.

Die teeldoelstelling met die Nooitgedachters is die verbetering en uitbouing van dié ras wat onlangs deur die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging vir registrasie erken is.

Die bestaan van die Nooitgedachtponie is die gevolg van 'n besluit deur die Departement van Landbou in 1951 om 'n kernkudde van tipiese Basoetoponies aan te koop en dit op die navorsingstasie Nooitgedacht naby Ermelo te vestig om sodoende die algehele uitsterf van die ras te help keer. In die teelprogram het mettertyd 'n perd ontstaan wat so duidelik eiesoortige eienskappe besit het, dat daar besluit is om dit tot 'n afsonderlike ras—die Nooitgedachtponie—te ontwikkel.

Die Nooitgedachtponie word gekenmerk deur sy sterk bou, uitstekende ry-eienskappe en uithouvermoë, sy mak en mensliewende temperament en hoë intelligensie, sy harde, skoon bene en welgevormde hoewe, en sy vermoë om 'n ruiter van tot 80 kg oor lang afstande te dra.

So byvoorbeeld het Leopold op betreklik jeugdige ouderdom reeds tweekeer met sukses die Bolandse uithouwedren oor 80 km onder 'n massa van 90 kg (ruiter plus saal) voltooi.

Louisa en haar seun Lodewyk het verskeie eerste pryse en kampioenskappe op die Kaapse Skou in Goodwood verower.

Dit is egter nie net om op uithouritte en landbouskoue te spog dat die Universiteit die perde aanhou nie. Al die perde word vir navorsing gebruik.

Dosente van die departement mens- en dierfisiologie voer navorsingsprogramme uit waarin hoofsaaklik die reproduksiefisiologie en fisiologiese werking van die liggaam van die "perdeatleet" ondersoek word. In die bedryf is daar besondere belangstelling in die resultate van hierdie werk, want daar is reproduksieprobleme eie aan die perd wat van groot ekonomiese betekenis is.

"And to create the Mare, God spoke to the south wind: 'I will create from you a being which will be a happiness to the good and a misfortune to the bad. Happiness shall be on its forehead, bounty on its back and joy in the possessor.'"

Nooitgedacht Leonie met haar vul U.S. Leon. Die stewige bouvorm van die Nooitgedachtponie kan ook duidelik op die foto gesien word. Let ook op die sterk en stewige beenstruktuur.

Dosente en nagraadse studente in die departement veekunde spits hulle veral toe op genetiese en voedingsaspekte. Veral die voeding en groeiveranderinge van jong perde geniet aandag. In die moderne gemeenskap word perdehouding al hoe meer kunsmatig en intensief bedryf, en die jong vul is besonder gevoelig vir dieetwanbalanse en mineraaltekorte. Perde-eienaars en die veevoervervaardigingsbedryf is uiters geïnteresseerd in die resultate van hierdie navorsing.

Die Nooitgedachtponie se mensliewendheid tesame met sy uitstekende ryvermoë maak hom 'n gesogte plesierperd, veral vir kinders, en perdeliefhebbers gaan op Stellenbosch toesak wanneer die Universiteit mettertyd van sy surplus-teeldiere, jaarliks in Oktober, per openbare veiling aan die publiek gaan verkoop.

* * *

Klein John maak geskiedenis

BALTHAZAR Johannes Vorster het omstreeks 07h00 op Saterdag 23 September vanjaar die eerste lewenslig in 'n Kaapstadse kraaminrigting aanskou—sover bekend die eerste kindjie in die wêreld wie se oupa met sy geboorte 'n eerste minister was en met sy doop 'n president.

Sy oupa is natuurlik Suid-Afrika se Staatspresident, dr. John Vorster, wat ook Kanselier van die U.S. is. Op sy geboortedag was dr. Vorster nog Eerste Minister. Vyf dae later, op 28 September, het hy uitgetree as Premier, die volgende dag is hy aangewys as die Republiek se vierde Staatspresident en die inhuldiging was op 10 Oktober.

Klein John het sy beroemde oupa se volle voorname gekry omdat hy die eerste Vorster-kleinseun is. Sy pa is mnr. Pieter Vorster, die Staatspresidentspaar se jongste seun. Sy ma Retha was 'n nooi Rossouw wat einde 1975 met Pieter getroud is. Albei het op Maties geswot. Oupa en ouma het—soos almal weet—ook op Stellenbosch gestudeer. Derhalwe is dit nie baie moeilik om te raai waar Klein John hom oor so 'n paar jaar gaan bevind nie. Dagbreek word juis tans opgeknap ...

- *Soos die foto aandui, was Klein John nie baie beïndruk met sy eerste nuuskonferensie nie. Nadat hy sy misnoeë 'n ruklank luidkeels te kenne gegee het, het hy in sy stralende moeder se arms aan die slaap geraak. Links van dié foto is die baie trotse oupa en ouma.*

REKTOR BY GROOT KONGRES

DIE Rektor, prof. Jannie de Villiers, sê dit is van groot belang dat Suid-Afrika moet sorg dat hy by internasionale kongresse gesien en gehoor word—en veral as dit 'n kongres in Iran is. Hy meen daar is tans ook groter begrip vir die probleme wat in 'n veelvolkige land soos Suid-Afrika kan ontstaan.

In 'n verslag oor die konferensie van universiteitsrektore wat hy in Junie in Teheran bygewoon het, sê hy daar is belangrike kontakte met ander rektore uit verskillende dele van die wêreld gemaak. Daar was 275 kongresgangers afkomstig uit 50 lande by dié driejaarlikse konferensie. Die meeste was rektore.

Die Rektor het ook die geleentheid gehad om die Sjah van Iran, Sy Majesteit Shahanshah Aryamehr, en dié se vrou, Haar Masjesteit die Shahbanou van Iran, persoonlik te ontmoet. Benewens Stellenbosch was nog drie Suid-Afrikaanse universiteite op die konferensie teenwoordig, nl. Kaapstad (verteenwoordig deur prof. J. P. Duminy, nie deur die Rektor, sir Richard Luyt nie), Port Elizabeth (verteenwoordig deur sy Rektor, prof. E. Marais) en Durban-Westville (verteenwoordig deur sy Rektor, prof. S. P. Olivier). Prof. De Villiers het namens die rektore uit Suid-Afrika enkele woorde tot die Sjah gerig.

Hy het onder meer verwys na die goeie bande van vriendskap tussen Suid-Afrika en Iran, beide ekonomies en histories. Die Sjah se vader was die eerste Sjah van die Dinastie van Pahlavi. As banneling is hy 'n tuiste in Johannesburg aangebied waar hy ook tot sterwe gekom het. Die Sjah het sedertdien die huis waar sy vader oorlede is, gekoop, gerestoureer en as museum aan die Suid-Afrikaanse regering geskenk.

Die Rektor en sy vrou het later in 'n persoonlike gespreek met keiserin Farah die hoop uitgespreek dat sy, soos die Sjah se suster, ook eendag 'n besoek aan Suid-Afrika sal bring.

Die Rektor en mev. De Villiers beskryf hulle ontmoeting met die Sjah as 'n hoogtepunt van hulle besoek aan Iran. Die Sjah het die amptelike opening van die konferensie vir universiteitsrektore waargeneem en later ook 'n onthaal vir hulle aangebied. Dit het plaasbevind in die tuin van sy paleis—die konferensie is gehou in die parlementsgebou in Terheran.

PROF. De Villiers meld in sy verslag dat daar enkele stellings uit

Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers, vergesel van sy vrou, Geraldine, het in Junie vanjaar die vyfde driejaarlikse konferensie van universiteitsrektore in Teheran, hoofstad van Iran, bygewoon. Die tema was dieselfde as op die vorige konferensie in Boston, Massachusetts, naamlik *Internasionale Vrede deur Opvoeding*. Prof. De Villiers was ook drie jaar gelede in Boston en meen vanjaar se konferensie was 'n veel groter sukses. Die Rektorspaar is deurgaans hartlik in Iran ontvang.

• *Prof. en mev. De Villiers het ook geleentheid gehad om die Sjah van Iran en sy vrou persoonlik te ontmoet. Op die foto groet mev. De Villiers die Sjah en die Rektor sy vrou, keiserin Farah.*

IN IRAN

die openingsrede van die Sjah is wat vermelding verdien. Hy het onder meer gesê:

- 'n Ontwikkelde land moet geen model kies nie. Hy moet aanpas by sy eie toestande, en sy eie heil bepaal, sonder inmenging van buite in sy huishoudelike sake;
- Met die oog op die verbetering van opvoeding in 'n ontwikkelende land, is die eerste voorkeur om soveel mense moontlik op te voed—selfs al bring dit 'n verlaging in standaarde mee. Kwantiteit is belangriker as kwalitiet;
- Van universiteite word verwag om die tradisies van kultuur te handhaaf;
- 'n Balans moet gehandhaaf word tusssen akademiese navorsing en toegepaste navorsing in belang van die behoeftes van die gemeenskap.

Die Rektor sê die tweede stelling het veral lewendige bespreking tot gevolg gehad. Dit was klaarblyklik onaanvaarbaar vir die ontwikkelde lande.

'n Hele aantal sprekers het die hooftema, nl. *Internasionale Vrede deur Opvoeding* behandel. Wat dit betref, was die Rektor veral beïndruk met wat gesê is deur dr. Aurelio Peccei, voorsitter van die Klub van Rome.

Hy het verwys na sommige van die wêreld se kernprobleme soos oorbevolking asook die sowat 100 miljoen werkloses en gesê die industrialisasie wat nodig is, moet nie die ekologie van die aarde versteur nie, veral omdat soveel dele reeds woestyn is. Teen die huidige tempo sal daar binne net 40 jaar nie meer 'n diere- of natuurlewe bestaan nie. Oliebronne sal dan ook uitgeput wees.

Dr. Peccei meen die mislukking om vrede deur internasionale samewerking te bewerkstellig, het tot gevolg dat daar tans jaarliks 400 biljoen dollar aan kernwapens alleen bestee word. Hy sê vrede is afhanklik van 'n globale gemeenskap en nasies wat elk hulle heil self uitwerk, maar met wedersydse agting vir nasionale gewetens. Twee van die nood saaklikhede wat hy vir die opvoeding sien, is om 'n bewustheid te kweek van die penarie waarin die wêreld verkeer, en dat opvoedkundiges hulleself ten doel moet stel om meer en doeltreffender te leer, en om beter te doseer.

Uit paneelbesprekings wat tydens die konferensie gevoer is, het dit geblyk dat die gaping tussen die universiteite in ontwikkelende lande en dié in onontwikkelde lande heeltemal onoorbrugbaar is. Soveel so dat daar geen sprake was van die bespreking van gemeenskaplike probleme nie, sê die Rektor.

Hy meld vervolgens in sy verslag dat toe die kwessie van die bevordering van internasionale opvoeding bespreek is, daar 'n interessante klemverskuiwing plaasgevind het. Op die vorige konferensie (in 1975) in Boston, Massachusetts, was die gedagte dat tersiêre opvoeding internasionaal moes wees, en daar was selfs 'n besluit dat daar begin moes word met die oprigting van 'n universiteit êrens in Afrika. Vanjaar was die besluit dat universiteite nasionale—en nie internasionale—besit is, dat hulle moet kennis neem van hulle land se geskiedenis, tradisies en kultuur, en dit moet help verdedig en bevorder. Oos en Wes moet mekaar se kultuur en tradisies wedersyds ag.

Prof. De Villiers meen dié klemverskuiwing is tot groot voordeel van Suid-Afrika. Uit privaatgesprekke was dit ook vir hom duidelik dat daar groter begrip bestaan vir die probleme wat in 'n veelvolkige land soos die Republiek kan ontstaan. Daar was groter erkening van die gedagte dat elke volk sy eie probleme het, en dat dit wedersyds agting moet geniet.

Prof. De Villiers beklemtoon die feit dat hy en sy vrou—en die ander uit die Republiek—as Suid-Afrikaners oral in Iran gul en hartlik, sonder die minste antipatie, ontvang is. Met rektore uit België en Indonesië is daar heerlik Afrikaans gesels. Daar is ook baie gemoedelik kennis gemaak met 'n hele aantal rektore wat geneeshere is, uit lande soos Chile, Turkye, die Fillipyne, Indonesië, België en Iran. Die rektor van die Universiteit van Istanbul in Turkye, dr. Alp, het ons Rektorspaar genooi om by hom besoek af te lê. Rektor Alp is 'n medikus en ons Rektor en sy vrou natuurlik ook.

Die U.S. en die Istanbulse Universiteit het in die verlede professore uitgeruil, t.w. professore van die Nagraadse Bestuurskool. Dié universiteit is 500 jaar oud met 'n studentetal van 37 000 wat 6 000 mediese studente insluit, en het 'n satellietkampus sowat 20 kilometer buite Istanbul. Dit is onlangs voltooi.

Prof. De Villiers en sy Istanbulse eweknie het die toekomstige uitruil van professore—veral geneeskundiges—bespreek.

In teenstelling met die konferensie drie jaar gelede in Boston, was vanjaar s'n in Teheran 'n veel groter sukses, sê die Rektor. Hy meen die konferensie in Boston het misluk weens onrealistiese en onpraktiese besprekings van filosofiese aard. Hy sê ook hy was huiwerig om na Teheran te gaan, veral aangesien die tema weer dieselfde was, maar dit het toe 'n veel groter sukses blyk te wees.

. . . die ou B.T.K.
Met sy heerlike dae
En 'n duisend ervarings daarby . . .
Lewe lank, lewe lank, B.T.K.!

En soos dié liedjie dit dan ook wou hê, leef die Stellenbosse Berg- en Toerklub inderdaad reeds lank, want op 28 Junie vanjaar was hierdie landwyd bekende studentevereniging 50 jaar oud. Om die geleentheid te vier, is 'n saamtrek van oud-lede gehou, 'n berghut ingewy, 'n koor van oud- en huidige lede vir die Sangfees saamgestel en word 'n gedenkblad uitgegee.

Sedert die vroegste jare ná die ontstaan van die Victoria-kollege moes die natuurskoon van die Wes-Kaaplandse berge menige Stellenbosse student gelok het. In 'n artikel, "Die opkoms van die toergees", skryf (dr.) Bertie Krige (later lid van die eerste B.T.K.-bestuur) in die Universiteitsblad van Oktober 1922 hoedat studente die Jonkershoekkloof presies 100 jaar gelede aangedurf het. "Dit is . . . in 1878 dat 'n klompie Stellenbosse studente daardie woeste tiernes opgesukkel het . . ." Dié kloof, so vertel hy, is toegankliker gemaak deurdat 'n gesin wat hulle teen 1880 daar gevestig het minstens 200 jagluiperds uitgeroei het.

Langer staptoere na die binneland was toe nog onbekend, hoewel die destyds onherbergsame kusgebied tussen Gordonsbaai en Kleinmond soms besoek is.

Dit was veral buitelanders wat dié studente se oë sou oopmaak vir die skoonheid van hulle landstreek. "Daar is maar min dinge waarvan die algemene Afrikaner student 'n vager idee het dan van die natuurskoon van sij land," word in Desember 1919 in die Universiteitsblad geskryf, en dan bygevoeg: "Een van ons geagte Europese professore het verlede jaar aan 'n aantal studente op 'n geologiese toer bo-op die Swartberg gesê: I cannot understand that you South Africans don't appreciate such natural scenery.' "

Buitelandse geologie-dosente wat op Stellenbosch kom klasgee het, het die eerste georganiseerde staptoere gereël wat die weg sou baan vir die ontstaan van die B.T.K.—mense soos die Australiër prof. E. J. Goddard wat o.m. 'n vyftal studente in 1910 na die Lange- en Swartberge geneem het,

Bo: Elf jaar ná die stigting van die B.T.K. het hierdie groep uit Stellenbosch vertrek vir die staptoer tussen Hermanus en Agulhas in September 1939. Dié ou vragmotortjie het toe reeds die muilwa vervang waarmee hulle voorrade voorheen vervoer is.

Regs bo: 'n Staptoer deur Gamkaskloof en die Swartberge gedurende 1977.

LEWE

en die Skot prof. S. J. Shand wat 'n soortgelyke toer na die Hexrivierberge gelei het.

In 1919 het 'n student, Christo Kriel, self so 'n toer gereël oor die roete Swartberg-Wildernes—nie meer om geologie te bestudeer nie, maar bloot om die genot van die staptoer self. Sulke staptoere (met tot 50 lede) het 'n gereelde instelling op Stellenbosch geword.

Dit was tydens so 'n staptoer wat ses studente na Hermanus onderneem

Onder: Die berghut.

het dat die gedagte aan die Berg- en Toerklub ontstaan het, vertel ds. Jan Kloppers, een van die eerste B.T.K.-bestuurslede.

Ds. Kloppers (wat die reünie in April vanjaar bygewoon het) onthou nog die eerste B.T.K.-toer wat 56 mense in September 1928 aangedurf het. "Ons het tot op Knysna gereis met die trein. Daar het ons 'n wa en muile gekry wat ons bagasie vervoer het, en ons het toe die geleentheid gehad om te stap."

In die "sketsboek"—die joernaal wat sedert die B.T.K. se ontstaan oor elke toer gehou word—staan van dié eerste toer opgeteken: "Die diere



LANK, B.T.K.!

(muile) was in 'n taamlike swak kondisie om enigsins by die toeriste by te hou." Sowat 30 km is elke dag gestap, en "in die reël moet die toeriste baie lank by die uitspanplekke wag vir die bagasie."

Elke lid moes £3-10 betaal. Die latere Rektor, dr. R. W. Wilcocks, was die toervader, wat kaptein genoem is (dit heet tans president)—en volgens die sketsboek was sy botteltjie brandewyn die apteekkomitee se gewildste medisyne!

Vir die April 1929-toer tussen Gordonsbaai en Palmietrivier is 'n "motor-skuit" gehuur om hulle kos en bagasie Rooi-els toe te neem. Die vaartuig het meer as 'n dag te laat opgedaag, en intussen moes die stappers leef van 'n sny brood elk en 'n bietjie vis wat in seewater gekook is.

Met "galatoere" (die luilekker staptoere kuslangs, wat nou nog elke jaar in die week net voor die Desember-gradeplegtighede gehou word) het slegs die B.T.K. 'n Matie-tradisie laat voortleef wat in 1923 ontstaan het toe die Studenteraad onder die leiding van hulle voorsitter, Hendrik Verwoerd (die latere Premier), 'n "galaweek" gereël het waarmee al die studente die akademiese jaar feestelik kon afsluit.

Ook ander dinge het deel van die B.T.K. se tradisies geword—tradisies wat 'n besondere karakter aan dié studentevereniging verleen het. Dít en die skoonheid van die natuur, die vreugde van stap, die opwinding van besoeke aan onherbergsame plekke en die vriendskap van mense wat al hierdie genietinge en ervaringe met jou deel, het gou van die B.T.K. een van die gewildste verenigings op die kampus gemaak.

Reeds in die eerste jaar van sy bestaan was daar 180 B.T.K.-ners (waarvan 70 meisies was). Hoewel dit met sy huidige nagenoeg 600 lede een van die grootste studenteverenigings is, het die B.T.K. se getalle in vergelyking met die skerp toename in studentegetalle tog redelik stadig gegroei.

Die belangrikste rede hiervoor is dat groot groepe beweeglikheid bemoeilik, veral met vakansiestaptoere. Slegs ongeveer 90 mense kan op so 'n toer gaan. Selfs ingeskrewe lede moet dus daarvoor aansoek doen en kwalifiseer op grond van die getal dag- en vakansiestaptoere wat hulle meegemaak het. Minstens tien plekke word met elke vakansietoer uitgehou vir nuwe toergangers, om 'n deurvloei van lede te verseker.

Staptoere word onderneem na die berge van Wes- en Suid-Kaapland, en meer onlangs ook elke derde jaar na die Visrivier-afgronde. Slegs een keer tevore is Rhodesië besoek, en in 1967 Oos-Transvaal.

Die Sederberge bly egter die mees geliefde stapplek, en dit is dan ook hier waar byna 300 oud-B.T.K.-ners en nog 'n 50-tal van hulle gesinslede in April vanjaar saamgetrek het vir die halfeeu-reünie—een van die grootste Oud-Matie-saamtrekke wat nog gereël is.

Die vise-rektor, prof. Mike de Vries en sy vrou, Reneé, was ook daar. Hulle het in hulle studentejare saam ge-B.T.K.

Die feesjaar is verder gevier met die inwyding van die nuwe berghut in die Groot-Drakensteinberge tussen Stellenbosch en Franschhoek, en met die deelname van 'n B.T.K.-koor aan die Sangfees.

Die berghut, wat reeds meer as R12 000 gekos het en nog binnekant teen die helfte van dié bedrag afgerond moet word, is die afgelope vier jaar deur die B.T.K.-ners self gebou. Hulle het self die materiaal—behalwe die swaar dakbalke wat per helikopter opgeneem moes word—berg-op gedra. Oud-klublede het reeds meer as R1 200 tot die boukoste bygedra.

Vanjaar se voorsitter, mnr. Eugene Crous, vertel dat hulle sommer baie naweke en selfs een kort vakansie aan die hut gewerk het, en baie trots is daarop. Hy sê die argitek, voormalige Stellenbosser mnr. Paul le Roux, het dit spesiaal so ontwerp dat die natuur nie geskend word nie. "Die hut is waarlik 'n sieraad," sê prof. C. A. (Tjaain) Smith, die huidige B.T.K.-president.

Oud-lede sal ook voortaan die hut kan gebruik (bv. saam met hulle gesinne), nadat hulle teen R25 elk as lewenslede geregistreer het. Vanweë die sukses van die reünie sal 'n aantal lewenslede ook voortaan op vakansiestaptoere saamgeneem word.

Ter herdenking aan die afgelope halfeeu word 'n feesblad vroeg volgende jaar uitgegee. Dit sal 'n paar honderd bladsye met foto's en o.m. uittreksels uit elke sketsboek deur die jare bevat.

Al delwende opwaarts...

IN die jare dertig en veertig het landboukundiges die boere in die Winterreënstreek onder meer gemaan om nie graanstrooi te verbrand nie. Toe was die gebied nog getrou aan die eerste naam wat deur Vasco da Gama aan S.A. gegee is, nl. Terra de Fuma—'n land in rook, sê dr. Lammie Vosloo van die departement skaap- en wolkunde van die fakulteit landbou aan die U.S. Vandag wys hulle die boere hoe om karmenaadjies te produseer uit kaf wat in sekere opsigte net so goed soos mielies deur skape gebruik kan word.

Hoewel mielies en graanstrooi dieselfde potensiële energie bevat, word ongeveer die helfte van mielies s'n, en gewoonlik niks van strooi, in diereprodukte omgesit. Skape wat 4 kg. mielies vreet, neem 1 kg. in massa toe, maar dié wat 20 kg. graanstrooi vreet, verloor 1 kg. Waarom?

Die uitdaging was om metodes te ontwikkel om van graanstrooi 'n meer bruikbare ruvoer vir skape te maak. Die metodes moes ekonomies wees en dit moes bydra om die produksie te verhoog.

Navorsing oor die behandeling van strooi met bytsoda het reeds in 1895 in die buiteland begin. In Suid-Afrika het navorsers in 1970 op Stellenbosch oor hierdie aspek begin eksperimenteer, maar dit is eers onlangs nadat Sasol bytsoda, waarmee die strooi behandel word, goedkoop begin verskaf het dat dit prakties toegepas kan word.

In 1971 het dr. Lammie Vosloo en mnr. Willem Burger, lg. is ook verbonde aan die departement skaap- en wolkunde, 'n metode ontwikkel wat neerkom op die kombinering van verskillende behandelings in een kontinuerende proses om die voedingswaarde van strooi te verhoog. Dit bestaan uit opeenvolgende behandelings van eerstens: maal deur 'n hamermeule om die partikel groottes te verklein; tweedens: vermenging om die tekorte aan voedingstowwe soos proteïne en minerale aan te vul; derdens: behandeling met 'n gekonsentreerde oplossing van bytsoda om die verteerbaarheid van die strooi te verhoog, en vierdens om dit saam te pers in voerblokkies of korrels om die lywigheid te verminder.

'n Korrelmasjien toegerus met 'n hamermeul, voermenger en loopmenger wat teen 'n redelike kapasiteit hierdie prosesse kan deurvoer, is deur mnr. C. B. Botha van Malmesbury ontwerp. Dit word op plase gebruik en maak die vervoer van goot hope strooi onnodig.

Dr. Lammie Vosloo

Die temperatuur en druk wat in die meganiese proses opgebou word, skakel die groot hoeveelhede water uit wat in vroeëre metodes noodsaaklik was om bytsoda die strooi te laat binnedring.

Die eindproduk, 'n ruvoerblokkie, het 'n voginhoud van 13 persent in vergelyking met ongeveer 70% vog in die geval van die vroeëre metodes. Dit hou baie groot voordele in ten opsigte van verhoogde innames deur die dier, verlenging van die opbergingstyd van die produk, verlaging van stoorruimte en uitskakeling van brandgevaar.

Behalwe hierdie proses word ook navorsing gedoen in verband met tegnieke wat gebruik kan word deur produsente wat nie al die gesofistikeerde apparaat besit nie, maar wat net 'n hamermeul het. In hierdie verband is in samewerking met 'n koöperatiewe medewerker op Malmesbury, mnr. Fanie Basson, 'n eenvoudige metode ontwikkel om bytsoda toe te dien op die strooi net voor dit in die hamermeul gevoer word. Hierdie metode het dit moontlik gemaak om duur veranderings aan die hamermeul, wat in die buiteland gebruik word, uit te skakel.

"Al delwende opwaarts" lui die leuse van die fakulteit landbou. Só maak mense soos dr. Vosloo met hul navorsing.

Vroue skenk groot



Die Vrouevereniging van die Universiteit het oor 'n tydperk van maande nie minder nie as R30 000 aan die Konservatorium geskenk. Met die eerste R20 000 is die waardevolle musiekversameling van wyle kommandeur Michael Scott vir die Conserve aangekoop. Die derde en laaste R10 000, wat hier deur die voorsitster van die Vrouevereniging vir 1977/78, mev. Babs Pienaar (regs), aan die direkteur van die Konservatorium, Prof. Richard Behrens, oorhandig word, sal gebruik word vir bykomende versiering van dié nuwe spoggebou van die U.S. Mev. Petro Kassier (links), was sekretaresse van die Vrouevereniging toe die laaste klomp geld van die indrukwekkende totaal van R30 000 ingesamel is.

DRIE-EEUFEES OP HANDE

VIR Oud-Maties wat steeds nostalgiese herinneringe oor hulle Alma Mater koester, bied Stellenbosch aanstaande jaar 'n rykdom redes vir 'n besoek ... want dan is die Eikestad 300 jaar oud.

'n Uitgebreide program word beplan wat reeds in Januarie 'n aanvang neem, om sy hoogtepunt oplaas op 7 en 8 November te bereik.

Dwarsdeur die jaar vind talle kongresse plaas, musiekkonserte en toneelopvoerings word met gereelde tussenposes aangebied, sportbyeenkomste word spesiaal gereël, foto- en kunsuitstallings is aan die orde van die dag, en feeste en vertonings maak 'n besoek op enige gegewe tydstip die moeite werd.

Die Universiteit se karnaval, Intervarsity, die tussenprovinsiale tennistoernooi en talle atletiekbyeenkomsteword aan die fees gekoppel.

Vir Oud-Maties net 'n waarskuwing—sorg betyds vir verblyf. U mag moontlik teleurgestel word indien u te lank talm.

Vir die eerste vier maande van die jaar is daar onder meer die volgende op die feesprogram: Topsport atletiekbyeenkoms (*10 Januarie*); viooluitvoering deur Jurgen Schwietering (*17 Januarie*); 'n uitvoering deur die Britse pianis Michael Roll (*3 Februarie*); Boland Bank atletiekbyeenkoms (*15 Februarie*); Sanlam atletiekbyeenkoms (*19 Februarie*); die U.S. se karnaval (*22-24 Februarie*); Sanlam internasionale gimnastiek (*23 en 24 Februarie*); Simfonie-orkes van die S.A.U.K. in die Endlersaal, Konservatorium (*27 Februarie*); Kaapstadse Simfonie-orkes (*2 Maart*); KRUIK se Antigone (*6-14 Maart*); S.B.W. Plattelandse krieket (*15-17 Maart*); W.P. atletiekkampioenskapsbyeenkoms (*23 en 24 Maart*); klavieruitvoering deur John Antoniades in die Conserve (*24 Maart*); Oude Meester gholfdag (*24 Februarie*); Mattheus-Passie in die Konservatorium (*4 April*); Heidelberg 100 atletiekbyeenkoms (*19 April*). Gedurende Maart en April sal daar elke Sondagand 'n musiekuitvoering in die Konservatorium aangebied word, en elke Woensdagaand 'n staptoer (aangebied deur die Stigting Simon van der Stel) deur die Eikestad.

Nog 'n hoogtepunt van die jaar is die Simon van der Stelfees—dit vind van 10 tot 14 Oktober plaas.

- *Nog besonderhede oor die feesprogram vir die maande Mei, Junie, Julie en Augustus sal in die April-uitgawe van* **Matieland** *verstrek word. U kan ook skryf aan: Die Reklamevereniging, Posbus 368, Stellenbosch. 7600. Tel. No. Stellenbosch 3584.*

Verewig dit...

Met die oog op aanstaande jaar se drie-eeufees het die Feeskomitee besluit om gedenkmedaljes te laat slaan.

Daar sal 'n *reeks van drie medaljes (goud, silwer en brons)* wees, sowel as *aparte silwermedaljes en bronsmedaljes*. Dit word deur die S.A. Munt geslaan.

Op die voorkant van elke medalje is 'n afbeelding van die Kruithuis op Stellenbosch en op sy agterkant 'n afbeelding van Stellenbosch se stadswapen—soos op die foto. Van die *stel* sal net 200 gemunt word. Dit sal in 'n kassie van kunsleer verpak wees. Elke stel sal genommer wees. Geen suksesvolle aansoeker sal meer as een stel kan koop nie.

Die prys vir 'n stel is R350.

Aanvanklik sal net 100 silwer- en 100 bronsmedaljes geslaan word, met dien verstande dat, as die aanvraag dit regverdig, meer gemunt kan word. Albei sal verpak wees. Van die silwer- en bronsmedaljes kan meer as een eksemplaar per aansoeker toegestaan word. Die *prys* van 'n silwermedalje is R25 en dié van 'n bronsmedalje R5. Pryse sluit verkoopbelasting in.

***Betaling* moet geskied met bestelling. Tjeks (met bankkommissie) moet uitgemaak word aan: Munisipaliteit Stellenbosch.**

***Bestellings en navrae* moet gerig word aan: Die Stadsklerk, Posbus 17, Stellenbosch 7600. *Sluitingsdatum vir aansoeke:* 15 Januarie 1979.**

Medaljes van suksesvolle aansoekers, en die gelde van onsuksesvolle aansoekers, sal na verwagting gedurende Februarie 1979 gepos word.

Die Stadsklerk
Posbus 17
STELLENBOSCH 7600

Hiermee doen ek aansoek vir: **Getal**

Stel van drie medaljes .....
(goud, silwer en brons)

Silwermedalje .....

Bronsmedalje .....

My betaling geskied deur middel van .....

Naam ..... **Adres** .....

Handtekening ....

BEMAKINGS BLY



Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die departement ontwikkeling.

'n TESTAMENT word in die reël eintlik eers werklik indringend bespreek te midde van groot verdriet. Dit is ongelukkig 'n lewenswaarheid waarmee feitlik almal in een of ander stadium mee te make het.

Aan die ander kant—die positiewe kant—kan 'n testament vir soveel mense groot vreugde bring. Hiervan kan 'n inrigting soos die Universiteit van Stellenbosch terdeë getuig. In die loop van meer as 'n eeu het 'n besondere bemaking op 'n sorgwekkende tydstip oneindig veel daartoe bygedra om groot probleme te help oplos. Daarbenewens het bedrae uit testamente—sommige van hulle groot, sommige klein—deur die jare die Universiteit, en letterlik duisende van sy studente, in die vermoë gestel om kop bo water te hou.

Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die departement ontwikkeling, beywer hom die afgelope paar jaar in die besonder om uitgestelde skenkings—waaronder testamentêre bemakings die belangrikste bron is—vir die Universiteit te werf. Hy kan talle voorbeelde aanhaal wat die hart aangryp as die verhaal wat die bemaking tot gevolg gehad het, nagegaan word. Dit is so dat feitlik elk van hierdie gevalle 'n storie het.

Mnr. Esterhuyse sê hy is verheug om te kan meld dat die departement ontwikkeling die afgelope drie jaar besondere reaksie van oud-studente en lede van die publiek in dié verband teëgekom het. "Die reaksie op versoeke wat tot mense gerig is, was werklik merkwaardig, en dit is vir die U.S. steeds 'n groot bron van besieling. Dit is onteenseglik 'n illustrasie van lojaliteit en vertroue—vertroue nie net in die Universiteit van Stellenbosch nie, maar ook in ons jong mense en die hoër onderwys as sulks," sê mnr. Esterhuyse.

Hy het ook genoem dat daar talle testateurs is wat geen publisiteit verlang nie. "Ons voldoen met die grootste graagte aan dié persone se wens, en dis eintlik onnodig om te sê dat die Universiteit se waardering vir sulke onbaatsugtige steun het so hoog is."

Mnr. Esterhuyse het bekend gemaak dat testamentêre bemakings ten bedrae van R6 770 000 die afgelope drie jaar gefinaliseer is.

"Die Universiteit ontvang jaarliks gewaardeerde bedrae uit boedels en as gevolg van die wye en positiewe weerklank onder baie mense in dié verband, word daar verwag dat hierdie stroom in die toekoms nog breër sal vloei."

Vervolgens het die adjunk-direkteur op 'n paar maniere gewys waarop oud-studente en vriende die Universiteit kan bevoordeel, naamlik:

- 'n testamentêre bemaking
- 'n lewenspolis wat aan die Universiteit gesedeer word
- aandele of ander beleggings wat aan die Universiteit oorgedra word met die verstandhouding dat die Universiteit 'n voorafbepaalde inkomste daarop tydens sy/haar lewe aan die betrokke persoon betaal
- lenings teen 'n lae rentekoers aan die Universiteit met die verstandhouding dat die kapitaal na die afsterwe van die persoon aan die Universiteit oorgedra word
- 'n testamentêre bemaking wat nie net kontant of realiseerbare bates verteenwoordig nie, maar ook kunswerke en/of versamelings wat vir die nageslag van groot waarde kan wees

In die geval van 'n testamentêre bemaking kan dit 'n ongebonde bemaking of 'n bemaking met spesiale voorwaardes wees. Dit spreek vanself dat die Universiteit ongebonde bemakings aan die Eeufeestrustfonds verkies, omdat die opbrengs dan aangewend kan word waar dit die meeste benodig word. Bemakings met spesiale voorwaardes is egter net so welkom, want daar bestaan behoeftes wat in die voorsienbare toekoms nie bevredig kan word nie. Hier is dit egter belangrik dat die saak vóóraf met die departement ontwikkeling bespreek word.

Mnr. Esterhuyse vestig die aandag daarop dat wanneer 'n persoon in sy boedel 'n bemaking aan die Universiteit doen, sodanige skenking vrygestel word van boedelbelasting.

Die Universiteit het die afgelope tyd voordeel getrek uit verskillende *boedels,* onder meer uit dié van:

- wyle **prof. H. W. Truter**—hy was 'n bekende Oud-Matie wat hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van die Transkei was. 'n Aansienlike bedrag is uit hierdie boedel ontvang. Die renteopbrengs van dié erflating sal aangewend word vir navorsing in die departement psigiatrie in die fakulteit van geneeskunde;
- wyle **dr. J. A. Nel**—hy was 'n bekende geneesheer in die Moederstad en het 'n ruim bedrag ten bate van die Universiteit se Eeufeestrustfonds nagelaat. Dr. Nel is in 1896 gebore. Een van sy twee seuns, mnr. J. A. Nel, woon op die oomblik op Somerset-Wes:
- wyle **mnr. Johannes Rasmus van der Merwe**—die opbrengs uit sy ruim bemaking aan sy Alma Mater sal aangewend word vir beurse vir behoeftige studente. Mnr. Van der Merwe is in 1977 in die ouderdom van 92 jaar in Tamboerskloof, Kaapstad oorlede. Hy het hom aan die U.S. as onderwyser bekwaam. Hy was getroud met Mej. Charlotte King, en die egpaar het net een seun gehad wat op sy 13e verjaardag op

BELANGRIKE BRON

tragiese wyse verdrink het. (Mev. Van der Merwe is in 1936 oorlede.) Mnr. Van der Merwe het hom in 1956 in Kaapstad gevestig waar sy twee niggies, mej. A. D. G. Keet en mev. M. Rauch, hom versorg het. Mnr. Van der Merwe was 'n merkwaardige figuur—hy het daagliks, tot twee weke voor sy afsterwe, 9 kilometer gestap. Hy was bemind onder jong mense en altyd opgeruimd en vriendelik. Hy was besonder vrygewig, veral teenoor sy kerk;

- wyle **mnr. Jan Phillipus Lehman**—sy gewaardeerde bemaking is in die Eeufeestrustfonds gestort. Dit was die opbrengs van 'n versekeringspolis wat hy aan die U.S. gesedeer het. Mnr. Lehman was deurentyd 'n baie lojale oud-student en groot donateur van die U.S. Hy het van 1918-1920 op Stellenbosch gestudeer waar hy in McDonaldhuis ingewoon het. (Sy dogter, mev. Beatrice Coetzee was van 1941 tot 1944 student aan die U.S. en ook inwoner van McDonaldhuis—in dieselfde kamer as haar vader jare tevore!) Mnr. Lehman was 'n onderwysman en het as inspekteur in Johannesburg afgetree. Hy is in Pretoria oorlede waar sy eggenote nog in Queenswood in dié stad woon;
- wyle **mnr. V. L. Benning**—hierdie gewaardeerde bemaking is gestort in die Eeufeestrustfonds. Mnr. Benning was sy ganse loopbaan as meganiese ingenieur in diens van Evkom in Wes-Kaapland. Hy het aan die U.K. gestudeer en ook aan die Johns Hopkins Universiteit in die V.S.A. Hy was 80 toe hy dood is. Sy vrou het hom in 1971 ontval. Albei sy seuns was op Universiteit—Leo op Maties en Fred op Ikeys;
- wyle **mev. Wilhelmina du Toit Nyboer**—die opbrengs van hierdie ruim bemaking sal aangewend word vir beurse vir behoeftige teologiese studente, blank en nie-blank, wat as predikante in die sending wil dien. Mev. Du Toit het met haar afsterwe op Franschhoek gewoon.

Die Universiteit ontvang ook van tyd tot tyd skenkings van waardevolle boeke.

Onlangs is daar uit die boedel van wyle mnr. D. C. Swart van Stellenbosch 'n groot skenking van landbouboeke en tydskrifte ontvang. Mnr. Swart was jarelank landbou-onderwyser aan Paul Roos-Gimnasium.

Uit die boedel van wyle mev. E. S. Kritzinger, eggenote van mnr. Japie Kritzinger van Gordonsbaai, is 178 dele, hoofsaaklik waardevolle werke van beroemde Duitse skrywers, aan Stellenbosch geskenk.

Enkele maande gelede het die Universiteit se biblioteek 'n 170-tal boeke van dr. W. S. van der Westhuizen van die Strand ontvang. Dié skenking se waarde word ook baie hoog geskat, en die U.S. is dr. en mev. Van der Westhuizen veel dank verskuldig.

Enige persoon wat nadere besonderhede oor bemakings aan die Universiteit van Stellenbosch verlang, kan met **mnr. Andries Esterhuyse** skakel op bylyn 29 by Stellenbosch 70010 of 70062. Of rig 'n skrywe aan:

Mnr. A. J. Esterhuyse
Adjunk-direkteur
Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH 7600



Wyle mnr. J. R. van der Merwe.



Wyle mnr. J. P. Lehman.

AAND VAN

'N MUSIEKBELEWENIS sonder weerga in Suid-Afrika. Só beskryf die Stellenbosse en Kaapse musiekmense die groot blaasorkesfees wat op 10 Oktober (Krugerdag) vanjaar deur die Universiteit van Stellenbosch-Blaasorkes in die D.F. Malan-gedenksentrum aangebied is.

Nie minder nie as sewe van die land se voorste blaasorkeste, insluitende drie weermagorkeste, het aan dié unieke fees deelgeneem in 'n program wat bestaan het uit optredes deur die afsonderlike orkeste, gevolg deur 'n massa-optrede deur al die orkeste saam.

Só het die koerante daaroor geskryf:

- **"Die blaasorkesfees wat Dinsdag op Stellenbosch gehou is, was toe in een woord puik. Die massaorkes, onder leiding van prof. Donald E. McCathren, hoogleraar in musiek aan die Duquesne-universiteit in Amerika, het 'n uitvoering gelewer soos nog nooit in ons land gehoor (of gesien) is nie.**

  "Baie dinge word op Stellenbosch jaarlikse instellings; die blaasorkesfees kan gerus ook so 'n instelling word."

  —Die Burger

- **". . . An impressively creditable performance. The festival was a great success, and can only spur on the rapidly-growing band movement in the Cape. Maybe next year, during the university vac, it would be good if a weekend residential band course could be held in preparation."**

  —Cape Times

- **"Stellenbosch University scored an outstanding success in the preparation of a Bands Festival which was held in the D.F. Malan Centre on Tuesday night. Each and every item . . . was warmly applauded, and rightly so.**

  "Never has 'Die Stem' sounded so well.

  "The music lovers of the area owe (them) a debt of gratitude for arranging the concert. May they give us many more offerings such as this."—*District Mail,* onder die opskrif: 'STELLENBOSCH BANDS FESTIVAL A RESOUNDING SUCCESS'.

Een van die hoogtepunte van die fes was die uitvoering van Scotland the Brave en Bideawa deur die doedelsakorkeste en die ander orkeste saam. 'n Gesamentlike optrede van dié omvang is nog nooit in Suid-Afrika aangebied nie, en selfs vir die wêreldbekende Donald E. McCathren was dit iets heeltemal onbekend. Vóór die Stellenbosse blaasorkesfees moes mens na Skotland se Edinburgh Tattoo gaan om sulke musiek te hoor!

Prof. McCathren, wat dirigent van beide die American Youth Symphony and Chorus en die Pittsburgh South Hills Symphony is, was baie beïndruk deur die standaard van blaasorkesmusiek in Suid-Afrika, en het

'n Dawerende sukses!

DIE GROOT ORKESTE

veral die werk van dr. Loeb van Zuilenburg met die U.S.-Blaasorkes hoog aangeslaan. Dr. Van Zuilenburg is gevra om 'n blaasorkesverwerking van Suid-Afrikaanse musiek te maak vir 'n bundel wat in die V.S.A. gepubliseer gaan word en wat musiek uit alle wêrelddele gaan bevat.

Lede van die U.S.-Blaasorkes is ook genooi vir oudisies vir die American Youth Symphony and Chorus. Dié elite groep word gekies uit die letterlik honderde blaas- en ander orkeste in die V.S.A., en het reeds verskeie goue medaljes in Amerika, Europa, Brittanje en ander lande verower.

Die reëlings vir volgende jaar se orkesfees is reeds in volle gang. Dit gaan iets heel besonders wees, aangesien dit saamval met Stellenbosch se 300-jarige feesvieringe.

Besonderhede van die fees, wat, soos vanjaar, weer in samewerking met die Suid-Afrikaanse Lugdiens aangebied gaan word, sal in latere uitgawes van Matieland bekendgemaak word.

Erelidmaatskap van die Internasionale Raad van die American Youth Symphony and Chorus (AYSAC) is tydens die orkesfees toegeken aan die vise-rektor, prof. Mike de Vries (tweede van regs), die dirigent van die U.S.-Blaasorkes, dr. Paul Loeb van Zuilenburg (tweede van links) en die besuurder van die orkes, dr. Ronnie Belcher (links), uit erkenning vir hulle bydrae ter bevordering van musiek, die jeug en volksdiens. Die toekennings is deur prof. McCathren gedoen. Die dirigente van die ander orkeste is op dieselfde wyse vereer.

VAN ONS DONATEURS

Die Standard Bank het onlangs 'n bedrag van R10 000 aan die Universiteit geskenk. Die geld is aangewend om die boukoste van twee muurbalbane by die manskoshuis Helderberg te help dek. Hier oorhandig Standard Bank se streekhoofbestuurder (Kaap), mnr. Jack Esterhuizen, die tjek vir R10 000 aan die U.S. se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard.

Sanlam het in Augustus die vyfde paaiement van R5 000 van 'n skenking van R50 000 aan die U.S. geskenk. Hier ontvang die vise-rektor, prof. Mike de Vries (links) die tjek van mnr. Tex de Swardt, Stellenbosse streekbestuurder van Sanlam. (Sedert die foto geneem is, het mnr. De Swardt in diens van die U.S. se departement ontwikkeling getree.) Sanlam het reeds meer as R200 000 aan die Universiteit geskenk, onder meer aan die Eeufeestrustfonds, die Kweekskool, die Buro vir Ekonomiese Ondersoek en vir geneeskundige navorsing en die bou van die Langenhoven-studentesentrum—en dit is benewens gereelde bydraes soos bv. vir die Universiteitskoor, studenteaangeleenthede en borgskappe van die Universiteit se sportbyeenkomste.

Links: Priceforbes Federale Volkskas Bpk. van Stellenbosch het in Julie 'n duisend rand aan die Universiteit se Eeufeestrustfonds geskenk. Die geld is aan die U.S. se direkteur van ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard, oorhandig deur mnr. G. G. H. Todd (links) en mnr. M. H. Vosloo, onderskeidelik direkteur en bestuurder van Priceforbes Federale Volkskas Bpk. Dié maatskappy het onlangs tot stand gekom nadat Price Forbes Sedgwick Africa Ltd. en Federale en Volkskas-makelaars geamalgameer het. (Mnr. Todd was voorheen direkteur van Price Forbes Sedgwick Africa Ltd. en mnr. Vosloo was assistent-bestuurder van Federale Volkskas-makelaars.)

Die skenking van die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging aan die Eeufeestrustfonds van die U.S. het vanjaar weer R2 500 bedra. Die tjek is op 31 Julie deur die bouvereniging se takbestuurder in die Eikestad, mnr. Peter Frayne, aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, oorhandig. Op die foto, wat tydens die oorhandiging in mnr. Lombard se kantoor geneem is, verskyn v.l.n.r. mnr. Frayne, mev. Bernice du Plessis, lid van die plaaslike raad van direkteure, en mnr. Lombard. (Mnr. Lombard het vroeër vanjaar lid van die Perm se plaaslike raad van direkteure geword.)



Philips S.A. (Edms.) Bpk. het 'n ruk gelede 'n koopbewys van R2 000 aan die Universiteit geskenk. Dit was die tweede van drie soortgelyke skenkings wat deur Philips gedoen is, en sal aangewend word vir die aankoop van elektroniese meettoerusting in die departement elektrotegniese ingenieurswese. Op die foto (geneem toe die koopbewys oorhandig is) verskyn v.l.n.r. mnr. R. Millson, Kaapstadse bestuurder van Philips, prof. H. C. Viljoen, hoof van die departement elektrotegniese ingenieurswese, prof. J. W. R. de Villers, dekaan van die fakulteit ingenieurswese en mnr. N. S. Wolfe, hoof van Philips se afdeling instrumentasie.

VAN ONS DONATEURS

Fatti's en Moni's het vanjaar weer 'n ruim skenking aan die fakulteit landbou se departement genetika gedoen vir navorsingswerk oor Macaroni-koring (Durum-koring). Hier oorhandig die hoofbestuurder van United Macaroni Factories, mnr. B. R. Tickner (tweede van links), 'n tjek vir R1 000 aan prof. Hennie Louw, dekaan van die U.S. se fakulteit landbou. Prof. R. de V. Pienaar, hoof van die departement genetika, staan aan sy dekaan se linkerkant en mnre. M. J. Mannion (ook verbonde aan United Macaroni Factories) en H. S. Roux (tegniese beampte in die departement genetika) verskyn onderskeidelik links en regs op die foto.

Santambank Bpk. se assistent-hoofbestuurder, mnr. J. H. Taylor van Kaapstad, oorhandig 'n tjek vir R1 000 aan die direkteur van ontwikkeling van die U.S., mnr. P. J. Lombard (regs). Dié skenking van Santambank Bpk. is op 25 Julie gedoen, en is vir die Universiteit se Eeufeestrustfonds. Die oorhandiging het in mnr. Lombard se kantoor plaasgevind.

Trust Bank het weer vanjaar 'n aansienlike som aan die U.S. se Eeufeestrustfonds geskenk. Dié bank se nuwe takbestuurder op Stellenbosch, mnr. Danie de Lange (regs), het die tjek aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, in laasvermelde se kantoor kom oorhandig.

Die United Bouvereniging het vanjaar 'n duisend rand meer as verlede jaar aan die Universiteit se Eeufeestrustfonds geskenk. Hier oorhandig die voorsitter van die plaaslike raad van direkteure van die United, mnr. Willem Lubbe (tweede van links), 'n tjek vir R5 000 aan die U.S. se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard. Regs staan dr. Danie Craven, direkteur van sport op Stellenbosch, wat ook lid is van die United se plaaslike raad. Die UBS se takbestuurder in die Eikestad, mnr. C. P. van der Merwe, verskyn links op die foto.

Die Eksekuteurskamer (Kaapstad) het in Augustus vanjaar R2 000 aan die U.S. se Eeufeestrustfonds geskenk. Die geld is aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers, oorhandig deur mnr. T. N. Chapman, besturende direkteur van die Eksekuteurskamer (middel). Regs staan mnr. J. A. Duminy, hoofbestuurder en sekretaris, wat ook die oorhandiging in die Rektor se kantoor bygewoon het. Die U.S. ontvang gereeld jaarliks 'n skenking van die Eksekuteurskamer.

African Oxygen Bpk. (Afrox) het onlangs weer, soos verlede jaar, 'n bedrag van R2 500 aan die Eeufeestrustfonds geskenk. Die tjek is op Stellenbosch aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard (links), oorhandig deur mnr. P. H. Cawood, hoofbestuurder van Afrox in Kaapstad.



Dr. W. P. de Kock – 'n baanbrekergeoloog

'n Man uit een stuk

Ek hou van 'n man wat sy man kan staan;
ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan;
'n oog wat nie wyk,
wat 'n bars kan kyk;
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

Vas soos 'n berg van grou graniet
op vaderlandsgrond, sy hartsgebied . . .

Het Jan F. E. Celliers nie aan 'n man soos dr. Willem Petrus de Kock gedink toe hy hierdie bekende reëls gedig het nie? 'n Geoloog wat 'n groot aandeel in die ontwikkeling van Suid-Afrika se minerale rykdomme is sy kinderskoene gehad het, wenner van die Havengaprys vir geologie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Diamant Produseerdersvereniging en van die Diamantraad van Suidwes-Afrika; lewenslange lid van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika, maar bowenal 'n Oud-Matie in murg en been—dít is Willem Petrus de Kock.

En om te dink dat dié beroemde geoloog nie eers geweet het wat die vak geologie, behels het toe hy in 1923 as groentjie in die Eikestad aangekom het nie! Hy wou aanvanklik predikant word, maar na twee weke in die teologieklas het hy besluit om hom eerder in 'n B.Sc.-rigting te bekwaam. Geologie was maar net 'n vak om sy eerstejaarskursus vol te maak.

"Die inspirasie wat van die bekende Skotse professor, James Shand, uitgegaan het, was egter só oorweldigend, dat ek besef het: dít is my roeping in die lewe.

"Dit was moeilike jare vir 'n geoloog in Suid-Afrika; nadat ek die graad B.Sc. verwerf het, was daar nie eers vir my werk in Suid-Afrika nie," vertel dr. De Kock.

En of hy weer geoloog sal word as hy sy lewe kan oorkry? "Ongetwyfeld."

Na hy sy M.Sc.-graad in 1927 met lof geslaag het (ook aan die U.S.), het hy vir twee jaar saam met die bekende dr. Percy Wagner in die diamantveld van Namakwaland gewerk.

Oor dié tydperk van sy lewe sê dr. De Kock: "Van ekonomiese geologie het ek in dié tydperk meer by dr. Wagner geleer as tydens al my oorsese studietoere saam."

Daarna was hy tot in 1935 aan die Administrasie van Suidwes verbonde, eers as ekonomiese geoloog en toe as myninspekteur. In dié tydperk het hy ook sy doktoraat aan die U.S. verwerf. Daarna het hy 'n pos by Goudvelde van Suid-Afrika in Johannesburg aanvaar waar hy uiteindelik hoofkonsultgeoloog geword het.

Deur die jare het hy vir sy Alma Mater oneindig baie gedoen. Dit is onder meer aan dr. De Kock te danke dat die afdeling gemmologie vandag pronk met die allermoderne De Beers laboratorium. Sy oortuigende bemiddeling het tot gevolg gehad dat De Beers Consolidated Mines Bpk. geld vir dié laboratorium aan die U.S. geskenk het. Onlangs het hy ook nog sy persoonlike en uiters waardevolle versameling edelstene en sierstene aan die afdeling gemmologie gegee. (Dit sal binnekort in die afdeling uitgestal word.) En benewens dit alles is hy nog een van die Universiteit se grootste en gereelde donateurs.

Maar wat is dr. De Kock se mening oor die geologie wat op universiteit aangebied word?

"Te veel teorie. Hieroor voel ek sterk. Die probleem met ons universiteite vandag, veral in die wetenskappe, is dat nege uit tien dosente 'n vak doseer wat hul nog nooit gepraktiseer het nie.

"'n Paar jaar gelede tydens 'n kongres van die Geologiese Vereniging, het agt professore van agt universiteite referate gelewer. Nie een van hulle het as geoloog gepraktiseer nie.

"'n Suksesvolle ekonomiese geoloog moet, afgesien van teoretiese kennis, oor deeglike praktiese ondervinding beskik. Want, dit is net in die praktyk wat daardie noodsaaklike vermoë om baie fyn waar te kan neem,ontwikkel. As daar bedrae van R150 miljoen op die spel is, is waarneming en die praktiese ontleding daarvan beslis meer belangrik as teoretiese kennis.

"Dít was ook die mening van prof. Shand. Hy het my ten sterkste afgeraai om van 'n beurs gebruik te maak wat my in staat sou stel om vir drie jaar in Europa te studeer. Sy raad was: 'You will learn more from a man like Wagner in six months than what you can learn from European universities in three years.' "

'n Man uit een stuk, hierdie dr. De Kock. 'n Man wat in 12 maande byna 11 000 vk kilometer as jong geoloog S.W.A. deurkruis het—en nie in 'n goedtoegeruste woonwa met yskas en ander geriewe nie—nee, in 'n ou oorlogstent vol gate!

Maar vir hierdie pionier van Afrikaans in die mynbedryf, wat in soveel rade en komitees (onder meer die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad) dien, is daar deesdae iets wat hom byna net so na aan die hart lê as geologie—sy Afrikaner stoetbeeste op sy plaas naby Potchefstroom. Op hulle is hy baie trots.

Dr. De Kock en sy vrou Tassie, 'n nooi Basson uit Darling se kontrei, vier aanstaande jaar hulle goue bruilof. Daar is drie dogters uit die huwelik gebore.

Dr. De Kock en sy vrou, Tassie. Dié foto is geneem toe die egpaar onlangs met vakansie in die Strand was.



Die historiese ou Coetzenburg (foto geneem in 1951) soos rugbygeesdriftiges dit nooit weer sal sien nie.

RUGBY SÊ VAARWEL

OP Coetzenburg-A, die rugbyveld waar soveel Springbokke gekweek is, en waar die Maties menige roemryke oorwinnings behaal het, is daar vir oulaas op 10 Oktober vanjaar rugby gespeel.

'n Markötterspan, saamgestel uit Oud-Maties wat op die oomblik vir ander provinsies speel, het voor 'n skare van sowat 9 000 mense teen die Maties se eerstespan kragte gemeet. Dit was 'n wedstryd wat lank onthou sal word, want hoewel die Maroentuie rustyd 'n agterstand van 15 punte gehad het, het hulle uiteindelik 19-15 gewen.

Die voorwedstryd was tussen die Victoriane en Hamiltons. Dit was teen Hamiltons wat die Maties die eerste wedstryd op Coetzenburg op 13 Junie 1931 gespeel het. Dr. Danie Craven het in daardie wedstryd die eerste drie op Coetzenberg gedruk. (Later in die kragmeting het hy nog een gedruk!)

Benewens Dok was daar nog vyf van sy ou spanmaats op 10 Oktober op Coetzenburg wat ook in 1931 teen Hamiltons gespeel het. Die bekende Stellenbosse prokureur, mnr. Ralph Cluver, is een. Die sewe jaar wat Dok



Bo: Mev. Babs Beyleveld van Stellenbosch was 'n eregas met die laaste rugbywedstryd op Coetzenburg. Sy verskyn hier by 'n skildery van haar vader, die legendariese "Oubaas Mark" Markötter, wat so baie vir rugby op Stellenbosch en in Suid-Afrika gedoen het. Mev. Beyleveld het verlede jaar geld aan die U.S. geskenk vir 'n jaarlikse beurs aan 'n vroue-student wat op die gebied van sport presteer.

Regs: Prof. Mike de Vries, vise-rektor van Stellenbosch, was ook 'n eregas toe daar vir oulaas rugby op Coetzenburg gespeel is. Hy en mev. Beyleveld is voor die aanvang van die wedstryd aan die spelers van die twee spanne voorgestel.

AAN COETZENBURG

op Stellenbosch rugby gespeel het, was hy sy losskakel. Die ander was mnr. Albert Rust (bekende boer van Grabouw), mnr. Pallie Carstens (tans burgemeester van Malmesbury), mnr. Kalahari Prinsloo (afgetrede hoofbestuurder van die landbou-koöperatiewe vereniging op Lichtenburg in Transvaal) en mnr. Hansie Söhnge (afgetrede skoolinspekteur van Windhoek).

Mnre. Gerry Brand en Alan Fish het op daardie dag, meer as 47 jaar gelede vir Hamiltons gespeel, en hulle was ook op 10 Oktober op Coetzenburg.

Die eregaste by dié geleentheid was mev. Babs Beyleveld, dogter van die legendariese mnr. A. F. "Oubaas Mark" Markötter, en die vise-rektor, prof. Mike de Vries. Hulle is voor die wedstryd aan die spelers voorgestel.

- **Daar is 'n moontlikheid dat een van die eerste wedstryde op die nuwe Danie Craven-stadion op 31 Maart aanstaande jaar teen die Tukkies sal wees. Teen druktyd van dié uitgawe was geen reëlings egter nog finaal nie. Volle besonderhede sal deur die nuusmedia verskaf word.**

Links: Dr. Botha besoek sy manne aan die grens gereeld. Hier is hy saam met die Hoof van die Weermag, genl. Magnus Malan (links), op die wal van die Zambezi by Katima Mulilo afgeneem. Dit was teen sonsopkoms en die mis het nog dig op dié magtige rivier gelê. Die foto is in 1974 geneem toe genl. Malan nog Hoof van die Leer was.

Onder: Die foto is in Maart 1976 geneem toe die graad D. Mil. honoris causa aan dr. P. W. Botha verleen is deur die U.S. se Kanselier, dr. John Vorster. Dr. Vorster is op 10 Oktober vanjaar ingehuldig as Suid-Afrika se vierde Staatspresident.



PREMIER EREGRADUANDUS

Dr. P. W. Botha, wat op 28 September vanjaar Suid-Afrika se agste Premier geword het, is 'n eregraduandus van die Universiteit van Stellenbosch en sy vrou, mev. Elize Botha, is 'n Oud-Matienooi.

Dr. Botha is die eerste persoon aan wie 'n eredoktorsgraad in die Krygskunde deur 'n universiteit in Suid-Afrika toegeken is. Die U.S. het op die gradeplegtigheid in Maart 1976 die graad D.Mil. *honoris causa* aan dr. Botha toegeken vir wat hy vir die land as Minister van Verdediging beteken het. Stellenbosch beskou hom as die persoon wat ongetwyfeld die meeste bygedra het tot die verstewiging van die R.S.A. se militêre weerbaarheid en wel in so 'n mate dat Suid-Afrika 'n ontspanningsbeleid vanuit 'n posisie van krag kan volg.

Mev. Elize Botha het as pastoriedogter op Swellendam grootgeword. Sy het die graad B.A. aan die U.S. verwerf en was 'n inwoner van Harmonie.

Mev. Elize Botha is nog 'n Oud-Matienooi wat Premiersvrou geword het. Sy is alom bekend vir haar hartlike gasvryheid.

Strykensemble trek aandag

'n U.S.-musiekdosent wat as 12-jarige seun 'n vioolles van die vermaarde Yehudi Menuhin in Londen ontvang het, het die afgelope jaar met sy Stellenbosse Strykensemble in Wes-Kaapse musiekkringe naam gemaak.

Eric Rycroft, wat in 1948 op Stellenbosch gebore is, is dirigent van dié ensemble sedert die ontstaan daarvan verlede jaar. Al die lede van die Strykensemble is huidige of oud-studente van die Universiteit. Dit is gestig om aan Konservatorium-studente die geleentheid te gee om praktiese ondervinding van ensemble- en orkesspel op te doen. Die groep bestaan uit 18 lede.

In sy eerste bestaansjaar het dié strykers by talle geleenthede opgetree:

Reeds in Januarie vanjaar speel hulle by die Staatspresident se staatsbanket by Tuynhuis in Kaapstad. Ander optredes en aktiwiteite wat gevolg het, was 'n optrede tydens die Kaapstadse Fees, 'n uitvoering in die Hiddingsaal in die Moederstad, 'n konsert vir die Kaapstadse Kamermusiekvereniging, 'n optrede by 'n banket vir diplomate in die Kasteel, deelname aan die Suid-Afrikaanse Musiekonderwysersvereniging se orkeskursus, 'n uitvoering op Somerset-Wes, twee aanbiedings van Sondagaandprogramme in die Endlersaal van die Universiteit se nuwe Konservatoruim, en 'n konsert wat deel gevorm het van die Kruikjeugfees in die Nico Malan-skouburg.

Gedurende Mei is twee uitvoerings met mnr. Rycroft as solis aangebied tydens die ingebruikneming van die Konservatorium op Stellenbosch. Die jaar se bedrywighede is op 16 Oktober afgesluit met 'n konsert in die Baxter-konsertsaal van die Universiteit van Kaapstad.

Van een van hierdie uitvoerings skryf The Argus se musiekresensent op 5 Oktober: "The result Rycroft has obtained with these Stellenbosch students present and past is startling."

Van dieselfde uitvoering het die Cape Times-resensent geskryf: "They had plenty of punch and drive, and raised an air of excitement with their powerful attack and very butch, sometimes searing string tone."

Mnr. Rycroft—die seun van Oud-Matie prof. H. B. Rycroft, wat tans direkteur van die Nasionale Botaniese Tuine by Kirstenbosch is—is sedert die begin van die jaar lektor in viool en altviool aan die Konservatorium op Stellenbosch. Vanaf 1972 was hy 'n deeltydse dosent aan die U.S.

Sy eerste vioolles het hy op sewejarige ouderdom ontvang. Vanaf

Eric Rycroft, die dirigent van die Stellenbosse Strykensemble.

1967 studeer hy aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy viool- en altvioolonderrig van Pierre de Groote ontvang en onder Gideon Fagan in die dirigeerkuns studeer.

Hy verwerf drie beurse om in 1969 vir 'n verblyf van twee jaar na Londen te vertrek, waar hy studeer aan die Royal College of Music; aangewys word as die College se beste altvioolspeler in 1970; as hoof-altvioolspeler van die Skotse Barokensemble deur Skotland toer; Brittanje in die Jeunesses Musicales-wêreldorkes op 'n konserttoer deur Denemarke en Kanada verteenwoordig; tweede eindig in die Royal Overseas League-musiekkompetisie (vir Britte en burgers van Statebonds- en gewese Statebondslande); in verskeie uitvoerings, radio-uitsendings en plaatopnames vir die Engelse Kamerorkes onder musici soos Benjamin Britten, Yehudi Menuhin, Rostropowich, Hans Werner Henze en Raymond Leppard optree; 'n stigterslid word van die "London Chamber Soloists" wat o.m. by die Cambridge-fees optree; en talle solo-uitvoerings lewer, insluitende een in die Wigmoresaal in Londen en twee spesiale private uitvoerings vir prinses Margaret.

TERUG in Suid-Afrika in 1971 het hy by die Kruik-orkes aangesluit. Sedertdien het hy in talle kamermusiekuitvoerings gespeel. As solis het hy saam met die Nasionale Simfonie-orkes van die S.A.U.K., die Kaapstadse Simfonie-orkes en die Kruik-orkes—asook verskeie kere oor die radio en op televisie—opgetree.

Die Stellenbosse Strykensemble se repertorium het vanjaar werke ingesluit soos die Brandenburgkonserte nommers drie, vier en ses van J. S. Bach, Telemann se konsert vir twee altviole en strykers, Hindemith se Vyf Dele vir Strykers, die St. Paul-suite van Gustav Holst, Corelli se Concerto Grosso, Hongaarse danse van Bartok en die Pizzicato-polka van Strauss.

Met een van die sondagaanduitvoerings in die Endlersaal is die Konsert vir Hobo en Strykers van Roelof Temmingh die heel eerste keer uitgevoer. (Mnr. Temmingh is 'n dosent aan die Konservatorium op Stellenbosch.)

Bo: Die dekaan van die fakulteit ingenieurswese, prof. J. W. R. de Villiers. Hy het op Stellenbosch en Cambridge gestudeer.

Links: 'n Deel van Stellenbosch uit die lug gesien. In die voorgrond is die reuse fakulteit ingenieurswese. Die enkel departement wat in 1941 gestig is, het 'n lang pad gekom . . .

DEEGLIKE OPLEIDING

DIE ingenieurswese is 'n sleutelberoep. Dit is in enige land ter wêreld die geval, want dit is die ingenieur wat op alle gebiede help om 'n land se welvaart te skep. Dit is so dat 'n land se ekonomiese vooruitgang in 'n hoë mate bepaal word deur sy persentasie ingenieurs— daar heers ongetwyfeld 'n vaste verband.

Die Amerikaners se landing op die maan op 20 Julie 1969 was 'n weergalose gebeurtenis in menseheugenis. Maar, sou Neil Armstrong se naam in die geskiedenis verewig gewees het as dit nie was vir lede van die ingenieursberoep nie? Nee, daar sou geen maantuig, maanvlug of maanlanding gewees het nie. Trouens, daar sou nie 'n Kaap Kennedy gewees het nie, want die vernuf en kundigheid van die ingenieur is vir vooruitstrewende en ontwikkelende land onontbeerlik.

Gelukkig het die manne aan die roer by die Universiteit van Stellenbosch reeds 'n dekade of wat gelede die tekens reg gelees. Hulle het besef dié edele beroep sou in die jare wat voorlê baie opgeleide manne nodig hê aangesien Suid-Afrika se nywerheidswese toe reeds besig was om sprongsgewys in omvang en standaard te vorder. Hulle het besef dat die lendene van die U.S. se jong fakulteit ingenieurswese deeglik omgord moes word—dit is as 'n enkel departement in 1941 gestig.

In die jare sestig het die beplanning in alle erns begin, oorsese reise is onderneem om vas te stel hoe ingenieursfakulteite daar uitsien . . . en die bouwerk aan die reuse geboukompleks anderkant Banhoekweg het begin.

Die nuwe fakulteitsgebou vir ingenieurswese is op 1 Mei 1970 ingewy, maar die reus was nog nie klaar gebou nie. En selfs vandag word daar nog gebou, o.m. aan 'n deel vir chemiese en ekstraktiewe metallurgiese ingenieurs.

Sedert die nuwe kompleks in Bankhoekweg verrys het, is die landskap van die Eikestad heeltemal verander. Uit die lug is dit die eerste wat mens sien, en wanneer besoekers daarheen geneem word, word daar met ontsag gekyk en vrae gestel—want só 'n fakulteit ingenieurswese sien mens beslis nie aldag nie.

Die U.S. se ingenieursfakulteit is uitstekend toegerus. Die geboukompleks is van die modernste in sy soort en die opleidingsgeriewe kan sonder twyfel as feitlik onoortreflik bestempel word. Vir die behoud van noue kontak—en in só 'n fakulteit is kontak 'n noodsaaklikheid—tussen die verskillende departemente is 'n bedekte loopgang op die derde en vierde vlakke aangebring wat meebring dat al die departementele geboue en die biblioteek met die fakulteitsgebou verbind is. Hoewel die gebou reusagtig groot is, is alle vertakkings nogtans aaneengevleg. Dosente se kantore is naby die laboratoriums—m.a.w. die identiteit is een geheel. Alles is saam. Daar word selfs in een lokaal tee genuttig.

Een uit elke elf studente aan die Universiteit studeer ingenieurswese.



Nee, dié foto is nie buite geneem nie—dis 'n toneel binne die reuse hidrolika laboratorium van die departement siviele ingenieurswese. In hierdie spesifieke geval word toetse in verband met die oorloop van 'n dam gedoen.



Hierdie reuse pompe word gebruik om die water in die hidrolika laboratorium te pomp en is een vlak onder die laboratorium geleë. Alles wat u op dié foto sien, is binne die fakulteit ingenieurswese gemaak. Met die aanmekaarsit van die hele stelsel het die manne in die fakulteit sommer gou gespeel.

VIR SLEUTELBEROEP

Met die uitstekende geriewe waaroor die fakulteit beskik, kan sy studentetal maklik nog verdubbel sonder dat dit enige nadelige invloed op die standaard van opleiding sal hê.

Die departemente in die fakulteit is: chemiese ingenieurswese (insluitende ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese); elektrotegniese ingenieurswese (insluitende swak-, swaarstroom- en marine-ingenieurswese); meganiese ingenieurswese (insluitende bedryfs-, masjienbou, outomobiel-, lugvaartkundige, marine-, vuurpyl- en verkoelingsingenieurswese); siviele ingenieurswese (insluitende besproeiingsingenieurswese) en toegepaste wiskunde.

Sedert die begin van vanjaar bied die fakulteit ook 'n vierjarige kursus wat lei tot die verwerwing van die graad B.Ing. Dié graad kan in die rigtings siviel, chemies, chemies (ekstraktiewe metallurgie), meganies en elektrotegnies behaal word. Dit lei ook tot 'n eenjarige Honneurs-B.Ing.-kursus in al die vermelde rigtings. Die vyfjarige geïntegreerde Honneurs-B.Ing.-kursus, sowel as die vyfjarige B.Ing.-kursus in marine-ingenieurswese (meganies en elektrotegnies), bestaan ook nog. (Die geïntegreerde Hons.-B.Ing.-kursus oor vyf jaar, lei tot 'n Honneursgraad—'n student kan nie na vier jaar die graad B.Ing. verwerf as hy die vyfjaarkursus volg nie.) Op nagraadse vlak kan 'n student die grade M.Ing., Ph.D.Ing. of D.Ing. verwerf.

Studie in die ingenieurswese aan die U.S. is in die eerstejaar in al die rigtings dieselfde met die uitsondering van chemiese ingenieurswese. Met ander woorde 'n student word 'n goeie geleentheid gebied om die kat deeglik uit die boom te beskou, en indien hy na sy eerstejaar van rigting wil verander, kan dit in al die rigtings behalwe die een gedoen word.

Stellenbosch se fakulteit ingenieurswese het 'n nuwe idee van kursushantering. Daar word gewerk op 'n sekere model—in die eerste twee studiejare op vyf vakmodules per semester en in die laaste twee jaar op ses vakmodules. Almal is ewe groot. Elke vak in die eerste twee jaar het vier voorlesings en een middag se prakties per week. Die doel is om studente se werksure—ook tuis—op 'n spesifieke totaal te staan te bring.

Benewens die opleiding van jong mense vir 'n sleutelberoep in 'n land wat hulle dienste dringend nodig het, word kennis en ondervinding in die U.S. se fakulteit ingenieurswese ook tot die voordeel en welvaart van Suid-Afrika en al sy mense aangewend. Die fakulteit onderskryf wat Einstein gesê het, naamlik dat die mens en sy bestemming met enige tegniese inspanning deurentyd as die belangrikste prioriteit in gedagte gehou moet word.

Stellenbosch is in die vermoë om top-ingenieurs op groot skaal op te lei. Vanjaar was die studentetal in dié fakulteit 'n rapsie oor 'n duisend—dié syfer kan verdubbel en opleiding sal nog van die hoogste gehalte wees danksy die beste geriewe in 'n moderne gebouekompleks.

Hoe meer dae, hoe meer dinge...

DIE Rektor het dit in die televisieprogram *P.G. Gesels Met* . . . vertel en duisende kykers het te heerlik daaroor gelag. Dis 'n storie wat inderdaad die lagspiere prikkel, en een wat mens ook lank onthou en sommer baie kere oorvertel. En omdat almal wat Matieland lees nie elke aand enduit voor die kassie sit nie, vertel ons dit weer.

Ons Rektorspaar het jare gelede op Calvinia saam as geneeshere gepraktiseer. Op 'n dag bel 'n plaasboer van die distrik se seun vir prof. De Villiers en vra dat hy sy vader moet kom besoek aangesien dié "pampoentjies met komplikasies" het. Met die verloop van die gesprek is daar besluit om die pasiënt tydens die besoek 'n streep te trek.

Die seun sou prof. De Villiers op die plaas, waar sy pa siek lê, verwelkom as sou dit mev. Geraldine de Villiers wees wat die siek man met die pampoentjies kom besoek en behandel. (Die gesin het mev. De Villiers geken as dokter Dene.) Hy sou egter aan sy pa sê dat dr. Jannie de Villiers op pad is.

Die Rektor is toe plaas toe en met sy aankoms is hy in luide stemtoon by die voordeur deur lede van die gesin gegroet en verwelkom as "Dokter Dene". Die pasiënt in die kamer het die groet natuurlik duidelik gehoor en boonop het die Rektor ook nog skitterend daarin geslaag om sy stem so te verander dat dit geklink het soos 'n vrou wat teruggroet!

Oomblikke later kom daar 'n hoogbenoude stem uit die kamer: "Dokter Dene . . . dokter Dene, ek sal betaal vir jou besoek maar jy gaan my nie ondersoek nie . . . O nee!"

* * *

WANNEER mens meer as 40 jaar as koerantman agter die rug het, al 'n keer afgetree, maar "nog nie uit nie", soos die bekende Oud-Matie, mnr. Gus Cluver van Pretoria, kan jy oor baie onderwerpe en ondervindinge saamgesels.

Veral die keer toe hy in die jaar 1950 deur sy nuusredakteur gevra is om die lenteveiling van jaaroue vullens by Milnerpark in Johannesburg te gaan bywoon, sal hy nooit vergeet nie. Sy onblusbare kennisdors en drang om 'n storie uit te snuffel—en daarvan kan 'n menigte jong koerantmanne wat al 'n keer of wat deur Oom Gus "gescoop" is, getuig—het hom haastig na Milnerpark laat afsit.

Maar kom ons stel dié onoortreflike raconteur self aan die woord: Ek weet niks van perde af nie. Het nog nooit geld op 'n perd gesit nie en die enkele kere dat ek myself op 'n perd gesit het, was dit met rampspoedige gevolge. En hier vlak voor my het hulle die een na die ander jaaroue volbloedvul ingelei en gewag dat die mans met die tweedsportbaadjies (leer om die elmboog) en die vroue met die tweedrompe en bruin brogues moet bie. Soms is daar sommer kwaai gebie en dan is skrikwekkende pryse behaal. Ek het die ding so sit en gade slaan en bitter min verstaan van wat aangaan. Dit was my eerste ondervinding.

Die hele besigheid het my begin verveel toe ek skielik 'n maat van my, ook 'n verslaggewer, maar van 'n ander koerant, sien aankom. Ek waai toe vir hom en beduie met my program hy moet langs my kom sit.
Ongelukkig was ek ook in die gesigsveld van die hardwerkende afslaer wat my gebare vertolk het as 'n bie op die vul wat in daardie stadium aangebied is.

"Thank you sir!" glimlag hy breed in my rigting en voeg by: "I've got three thousand guineas. Any higher bid? No higher bid? . . ."

Ek het begin benoud word. Teen 'n salaris van 60 pond per maand en 'n groot verband op die huis, waar op aarde sou ek drie duisend ghienies kry, en wat sou ek met die perd maak? Ek kon my vrou se gesig sien: Met die duur vul op ons klein grasperk en ek op pad tronk toe.

"You've got a bargain there, if I may say so. She's a beautiful animal. Within six months you'll be able to sell her at a handsome profit."

Ek draai om om te kyk wie met my praat. Sy is net agter my, haar met tweedbedekte knieë in my nek. 'n Byna middeljarige vrou. Haar gesig is die ene opgewondenheid. Haar vel het 'n leeragtige voorkoms, en toe sy haar mond oopmaak, besef ek hoe groot haar tande is.

"I'm not in the least interested in the blooming horse," antwoord ek. "I'm a reporter and all I did was to wave to a friend of mine over there".

"Oh I say, that puts you rather in a spot, doesn't it? But don't worry too much, I can't see them letting that yearling go at that price."

Terwyl sy so voortgaan, het die afslaer al 'n gevorderde stadium van sy noodlottige gesanik bereik: "Going for the first time, going for the second time, going for the third and last time. Are you all finished . . .!"

Ek maak my oë toe en pluk my sakdoek uit om die sweet van my gesig af te vee. Ek hoor ook niks meer nie, wańt my ore begin al sing soos wanner 'n mens wil flou word.

Skielik voel ek hoe iemand my op my skouer tik.

"Saved!" word in my linkeroor geskreeu. "Did you hear what I said? You're saved. What did I tell you. They waited until the very last moment. Young man, you've lost a bargain, but you've probably won your peace of mind."

"Thank you madam, thank you very much. Most kind of you I'm sure," sê ek, staan vinnig op en verlaat die arena—reguit na die skou se kroeg.

"Gee my 'n groot brandewyn, nee maak dit 'n groot whisky", sê ek.

Die kroegman kyk my so 'n bietjie vreemd aan. "Sê my, meneer, mag ons u gelukwens met die vul wat u gekoop het?"

"Wat?" snou ek hom toe. "Ek het g'n vul gekoop nie. Ek het juis nie 'n vul gekoop nie. Kan jy nie verstaan, dit is waarom ek hier is?"

Hy gee my 'n nog snaakser kyk, draai om na sy maat en sê: "Gert, gee die meneer nog 'n whisky—die klub sal betaal!"

* * *

DAAR is geen skaarste aan vindingrykheid onder studente nie. Daar was nog nooit nie, en in die jaar 1978 is daar allermins. Daarvan kan lede van die gemeente van die N.G. Kerk Stellenbosch-Noord—en veral die diaken wat dié spesifieke keer 'n kollektebord hanteer het—wel deeglik getuig.

Die bekende Universiteitskoor Stellenbosch, onder leiding van dr. Johan de Villiers, het onlangs tydens een van die twee fees-Sondae in dié kerk opgetree. Een van die koorlede is heeltemal onkant betrap deur die gebruik in die gemeente om deur die hele kerk, insluitende die koorgallery, te kollekteer.

Toe hy die bordjie van hand tot hand in die ry sien verwissel, het die jong man egter baie vinnig gedink . . . hy het nou wel nie 'n muntstuk nie, maar hy moet iets gee, en hy is bereid om te gee wat hy besit. Wat hy beskikbaar gehad het, het hy, toe sonder om 'n oomblik te aarsel, in die bordjie "gestort": dit was 'n pragtige ryp piesang soos wat mens alleen in Natal aantref. Na wat verneem word, is dit glo saamgebring vir 'n "happie of wat ná kerk"!

Die bordjie word toe verder aangegee . . . van hand tot hand . . . en 'n ligte roering trek deur die ooggetuies. Plek-plek sal koppe vinnige vooroor en word daar haastig gekug of koorsagtig rondgetas na 'n sakdoek.

Aan die ander kant van die ry het die diaken geduldig op die bordjie gewag. Hy het sy oë geknip, weer toegemaak en weer geknip, kop geskud, maar toe besef hy dis waar—hier "pyl" 'n piesang in die kollektebordjie op hom af! Hy was spraakloos. Sekondes later was die bordjie by hom en toe besef hy hy moet optree. Ter wille van orde en stigting het hy die "bydrae" blitsvinnig uit die kollekteboord geneem en nog vinniger in sy sak gesteek.

Na afloop van die diens het die jong man wat sy versnapering so grootmoedig afgestaan het, glo ewe gevat aan sy medekoorlede opgemerk: "Dit was 'n geval waar daar na die voorbeeld van die arm weduwee gehandel moes word. Wat ek besit het, het ek gegee . . ."

* * *

EEN van ons ouer Oud-Maties, mnr. Jurgen Smith van Potchefstroom, het aan ons 'n artikel gestuur wat hy in 1941 vir Die Huisgenoot geskryf het. Dit handel oor die ontstaan van die Stellenbosse "voetballiedere". Daarin verhaal hy onder meer hoe studente van die Universiteit van Kaapstad probeer het om die Maties se klavier te onderskep wat gebruik is in die eerste volwaardige Intervarsity tussen die U.S. en die U.K. in Mei 1918. (Die Victoria-Kollege het op 2 April 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword, en mnr. Smith, wat ook bekendheid verwerf het as "die eerste pianis van die Victoria-Kollege en die U.S.", was in 1917 eerstejaar in Wilgenhof.)

In September 1917 het die Maties die Ikeys ook lelik laat les opsê op die rugbyveld en die manne van die U.K. wou die Stellenbossers klaarblyklik terugkry. Mnr. Smith vervolg: Die Kapenaars het nog nie van die vernedering in September van die vorige jaar herstel nie. Hulle sou ons 'n lelike poets bak, nl. ons piano roof eer die instrument Nuweland kan bereik! Verbeel jou! Net blote weerwraak, niks anders nie. Die S.V.R. gelas 'n paar van ons om die vroeë trein, omstreeks sesuur op dié Saterdag, na Kaapstad te haal (ek wonder of hy nog loop!) Dis klaar gereël met David Justus, bestuurder van Müller en Kie, op Stellenbosch, dat die afvaardiging so teen agtuur vm. 'n piano in Kaapstad (aan die bo-ent van Adderleystraat) kon kry. 'n Vragmotor was ook reeds vir die vervoer na Nuweland bespreek. Stiptelik om agtuur maak die afvaardiging sy opwagting by die musiekwinkel. Vandaar gaan ons na Nuweland om daardie dag weer glorieryke geskiedenis in die annale van Stellenbosch te skep.

So teen halftien bemerk ons groepie, wat toe reeds lankal op die pawiljoen, met piano en al, goed verskans is, dat daar heelwat bedrywigheid by die groot ingang heers. Dit was die Ikeys wat Matieland voorlê om die piano naby sy doelwit te onderskep. Intussen het van die ander Stellenbossers gelukkig stuksgewyse opgedaag, want die hele Matieland wis watter gevaar die Alma Mater bedreig, dus tydige hulp was goeie hulp. Teen halfelf het ons geledere so aangegroei dat Matieland sy teenwoordigheid aan die vyand kon openbaar.

Daar dreun uit:

"The Stellenbosch boys are as
good as gold,
But the Ikeys are wetter, wetter,
wetter!"

Die oorspronklike lesing was altyd:

"The Cape Town boys are as good
as gold,
But the Stellenbosch boys are
better, better, better."

Dit was egter die Kapenaars se grootste vermaak om die tweede versreël te vervang deur: "The Stellenbosch boys are wetter, wetter, wetter!"

Soos bomskerwe het dié beledigende woorde seker die harte van die sluipende "vyand" daar by die hek verskeur. Eienaardig genoeg, daar was g'n stormaanval op ons vesting nie.

Nogmaals het Stellenbosch daardie dag 'n skitterende oorwinning behaal, sowel op die pawiljoen as op die voetbalveld. Selfs die Kaapstadse nuusblaaie moes erken dat Stellenbosch se sangers die Kapenaars s'n oortref het!

- **Indien daar enige Oud-Maties is wat ons wil vertel van die een of ander werklike grappige gebeurtenis—veral miskien uit hulle studentedae—moet hulle asseblief skryf aan: Die Redakteur, Matieland, Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600. Onthou: dis baie goeie doepa om te lag!**

IN MEMORIAM

Verskeie Oud-Maties en huidige Maties het ons in die afgelope maande ontval. Matieland betuig graag sy diepste meegevoel met hulle naasbestaandes.

Mnr. Schalk Pienaar

Mnr. P. J. v.d. Westhuyzen

Prof. J. H. Barnardt

Met die afsterwe van mnr. Schalk Willem Pienaar op 12 Oktober vanjaar het Suid-Afrika een van sy mees gerespekteerde joernaliste verloor. Hy was 62.

Hierdie Oud-Matie—hy het die graad B.A. aan die U.S. verwerf—se merkwaardige joernalistieke loopbaan het gestrek oor 'n tydperk van meer as 40 jaar.

Sy loopbaan as koerantman het in Mei 1937 by Die Burger in Kaapstad begin—en hy het vinnig opgang gemaak. In 1946 word hy redakteur van Die Oosterlig in Port Elizabeth en minder as 'n jaar later keer hy terug na Kaapstad as assistent-redakteur van Die Burger.

Schalk Pienaar sal altyd onthou word vir die rol wat hy gespeel het as redakteur van die Nasionale Pers se Sondagblad, Die Beeld. Binne vyf jaar nadat hy dié koerant in Johannesburg gestig het, het 'n miljoen mense elke Sondag Die Beeld gelees. Lesers is veral getrek deur Schalk Pienaar se politieke kommentaar want hy was 'n uitnemende koerantman met 'n heel besondere politieke insig.

Prof. Piet Cillié, hoogleraar in joernalistiek aan die U.S. en voorsitter van die direksie van die Nasionale Pers, het 'n lang pad saam met Schalk Pienaar geloop. Hulle was saam op Paul Roos-Gimnasium, saam aan die U.S. en saam leerlingkoerantmanne by Die Burger. Hy sê mnr. Pienaar het as parlementêre kommentator tot een van die belangrikste meningsvormers in die land gegroei deur die briljante vorm sowel as die profetiese inhoud van sy artikels.

Prof. Cillié vervolg: "As redakteur van die Sondagblad, Die Beeld, was hy 'n baanbreker van vryer en openhartiger kommentaar op sake van die dag . . . hy het die pad vir baie oopgekap na ruimer, moediger en avontuurliker denke. Sy edele beroep en sy land het hy voortreflik gedien, en in baie letterlike sin sy lewe gegee vir sy vriende".

Mnr. Pienaar laat sy vrou, Antoinette, vyf kinders en vyf kleinkinders agter. Sy tweelingsuster, Sarie, is lid van Die Burger se vroueredaksie.

'n Afgetrede hoogleraar in biochemie aan die U.S., prof. J. H. (Liefie) Barnardt, is in Augustus onverwags in die Tygerberg-Hospitaal oorlede nadat hy vir 'n ondersoek opgeneem is. Hy was 69.

Prof. Barnardt, wat alom bekend was vir sy mensliewendheid, het in Desember 1974 afgetree ná 'n dienstydperk van 40 jaar aan die Universiteit.

Johannes Hendrik Barnardt het die grade B.Sc. (cum laude), M.Sc. (cum laude) en D.Sc. aan die U.S. behaal, asook die Sekondêre Onderwysersdiploma in 1930. Hy is in 1931 vir gevorderde studie na Berlyn. In die fakulteit geneeskunde aan die Berlynse Universiteit het hy onder leiding van prof. H. Steudel 'n studie gemaak van die selinhoudstowwe van die pankreas met spesiale verwysing na die nukleïonsure. Hy is aan die einde van 1933 terug na Stellenbosch, waar hy gepromoveer het.

Op 1 Januarie 1934 het hy senior lektor in biochemie op Stellenbosch geword teen 'n salaris van 450 pond per jaar. Hy het in 1964 professor geword.

Prof. Barnardt het in 1948 as International Fellow besoek afgelê in Louisville in die V.S.A. In 1963 het hy 'n uitgebreide studiereis in Engeland en Europa onderneem. Hy was ook lid van die Garsnavorsingskomitee.

Hy laat sy eggenote Frances en getroude tweelingdogters, Hannchen en Lisa, agter.

'n Oud-Matie en bekende in onderwyskringe in Natal, is vroeër vanjaar in die ouderdom van 48 jaar in Durban oorlede. Hy was mnr. Pieter Johannes van der Westhuyzen wat die graad B.A. aan die U.S. verwerf het, en ten tyde van sy dood hoof was van die Afrikaanse Hoërskool Durban-Noord.

Mnr. Van der Westhuyzen het onder meer ook op Ladysmith en Newcastle skoolgehou. Voordat hy op 17 Januarie 1972 aangestel is as hoof van die Afrikaanse Hoërskool Durban-Noord was hy onderhoof van die Hoërskool Gert Maritz in Pietermaritzburg.

Met sy afsterwe was hy onder meer voorsitter en lid van die Durbanse Hoofdekring en lid van verskeie komitees.

Mnr. Van der Westhuyzen laat sy vrou, Moira, en drie seuns, Johan, Kobie en Kleinpiet agter. Sy bejaarde moeder, twee broers en 'n suster oorleef hom ook.

'n N.G. leraar wat aan duisende Oud-Maties dwarsoor die land bekend was, is onlangs in die ouderdom van 87 jaar op Laingsburg oorlede. Hy was dr. Dwight Snyman wat van 1927 tot 1947 studenteleraar in die Eikestad was.

Dr. Snyman het op Stellenbosch en Princeton gestudeer en is in 1923 gelegitimeer.

Dr. Snyman was redakteur van "Die Ou Paaie", skrywer van die Katkisasieboek en talryke brosjures van geestelike aard.

Een van ons oudste Oud-Maties, ds. Jacob Stefanus Dreyer, is in September in die ouderdom van 90 jaar in die Tehuis H. J. Piek in Pretoria oorlede.

Ds. Dreyer is teen die einde van 1916 gelegitimeer en het onder meer die gemeentes Bulawayo, Olifantshoek, Marchand, Jacobsdal en Ugie bedien. Sy eggenote, mev. E. M. Dreyer, is drie maande voor hom oorlede. Sy was 86.

Ds. Dreyer laat drie seuns en twee dogters agter.

'n Oud-Matie, ds. Jan Hendrik Lange, is in Augustus in Kaapstad oorlede. Hy het die N.G. Kerk sedert die vroeë jare dertig op vele terreine gedien.

Ds. Lange is in 1934 op Lady Grey geordeen en het sy eerste termyn as predikant op Riversdal in 1940 begin. Hy was predikant op Kuilsrivier en op Theunissen in die Vrystaat voordat hy in 1953 terug is na Riversdal, waar hy tot sy aftrede gewoon het. Ná sy emeritaat in 1974 is ds. Lange aangestel as skakelbeampte van die Hugenote-Kollege op Wellington.

Hy laat sy eggenote, Judith, agter.

'n Oud-Matie wat in die jare vyftig die eerste sekretaris van onderwys in die Transkei was, is in September vanjaar in die ouderdom van 70 jaar op Munster in Natal oorlede waar hy en sy vrou sedert sy aftrede in 1969 gewoon het. Hy was mnr. I. J. M. van Rooyen wat hom as onderwyser aan die U.S. bekwaam het. Mnr. Van Rooyen het as kringinspekteur op Kroonstad afgetree.

Hy laat sy vrou, Jeanne ('n nooi Diemont van Bloemfontein), 'n getroude seun en dogter en ses kleinkinders agter.

Mnr. Charl Marais Schabort, 'n gewese hoofinspekteur van Kleurlingonderwys en 'n man wat as student aan die U.S. in 1934 Matiedirigent was, is in September in die ouderdom van 63 jaar in Kaapstad oorlede.

Mnr. Schabort het hom as onderwyser op Stellenbosch bekwaam. Hy het in 1964 inspekteur van Kleurlingonderwys geword en in 1975 afgetree as hoofinspekteur.

Hy laat sy eggenote, twee dogters en twee seuns agter.

'n Man wat aan duisende Oud-Maties bekend was, is op 28 Julie vanjaar in Pretoria oorlede. Hy was mnr. Carl Bergh, stigter van die bekende kleremaak- en mansuitrustersaak op Stellenbosch, wat sy naam dra. Mnr. Bergh was 66.

Hy laat sy eggenote agter. Uit 'n vorige huwelik het hy twee kinders.

'n Finalejaarstudent in siviele ingenieurswese aan die U.S., die 23-jarige mnr. Nicolaas Francois van Wyk, het op 15 September die lewe gelaat in 'n motorongeluk op die Helshoogtepad. Hy was die enigste seun van mnr. en mev. J. H. van Wyk van die plaas Windpoort in die distrik Britstown en 'n inwoner van Huis Visser.

Hy word oorleef deur sy ouers en twee jonger susters.

Nog 'n student wat ons die afgelope maande ontval het, was mnr. Jan Harm Labuschagne, eniste seun van a.o. en mev. J. S. Labuschagne van die Pollsmoor-Gevangenis naby Kaapstad. Hy was 22. Mnr. Labuschagne het verlede jaar die graad B.Sc. aan die U.S. verwerf en was ten tyde van sy dood 'n student vir die Hoër Onderwysdiploma.

Hy laat benewens sy ouers ook twee susters agter.

Matieland het ook met leedwese verneem van die dood van die volgende oud-studente:

- Mnr. Hugo Loubser, afgetrede onderwyser van Villiersdorp;
- Mnr. J. H. Loubser van Vredendal—student gewees van '39-'45;
- Mnr. S. C. Oosthuyzen van Uitenhage—was student in 1923 en '24;
- Mev. O. E. Scheel van Stellenbosch—in 1924 die graad B.A. verwerf en in 1970 die graad H.B.A.;
- Mnr. C. de Necker van Stilbaai;
- Mej. G. A. Thomlinson van Swellendam.

Frans Erasmus se naam leef voort

Die foto is geneem pas nadat die borsbeeld van wyle adv. Frans Erasmus deur sy weduwee, mev. Cora Erasmus, onthul is. Dr. P. W. Botha (links), het die huldigingsrede gevoer. Dr. Botha het gesê die veranderinge wat adv. Erasmus in die Weermag bewerkstellig het, was realistiese oordele oor toestande wat deur die tyd en die wetenskap ingehaal is. Hy het gesê die kroon op adv. Erasmus se werk was die oordra van die vlootbasis Simonstad aan Suid-Afrika.

'n BORSBEELD van wyle adv. F. C. Erasmus, wat as minister van Verdediging die Militêre Akademie op Saldanha tot stand gebring het, is vroeër vanjaar op 'n treffende plegtigheid by die Akademie onthul. Die borsbeeld—die handewerk van mnr. P. Minnaar van Pretoria—is onthul deur mev. Erasmus, mnr. Erasmus se weduwee.

Die huldigingsrede is gevoer deur dr. P. W. Botha, minister van Verdediging en tans ook Premier.

Die plegtigheid is deur talle van mnr. Erasmus se ou vriende bygewoon. Daar was ook verskeie hooggeplaaste offisiere insluitende die Hoof van die Weermag, genl. Magnus Malan, die bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. Alex Potgieter, en kol. F. C. Erasmus, bevelvoerder van die Vliegopleidingskool Langebaanweg en seun van wyle adv. Erasmus. Kol. Erasmus het die graad B.Mil. aan die U.S. verwerf. Hy was van 1956 tot '58 'n Matie.

Adv. Frans Erasmus was van 1948 tot 1959 minister van Verdediging. Hy sal altyd onthou word as die man wat aan die Weermag 'n eie Suid-Afrikaanse karakter gegee het. Die drie gimnasia van die Leër, Lugmag en Vloot is onder meer deur hom in die lewe geroep en hy het ook die wenslikheid van 'n stigting van 'n Militêre Akademie laat ondersoek. Dit was ook hy wat opdrag gegee het dat daar tot die stigting en oprigting van dié instelling, soos ons dit vandag ken, oorgegaan moes word.

Die Militêre Akademie was eers 'n vertakking van die S.A. Militêre Kollege—dié kollege bestaan nie meer nie—op Voortrekkerhoogte. Nadat dit in 1956 tydelik na Stellenbosch verskuif is, is dit in 1958 na Saldanha oorgeplaas. Drie jaar later het die Militêre Akademie 'n volwaardige fakulteit krygskunde van die U.S. geword, en word die volle kursus vir die graad B.Mil. daar aangebied.

'n Bekende Stellenbosser en groot donateur van die U.S., mnr. Willem Lubbe, besit tans die laaste ampsmotor wat wyle adv. Erasmus as ambassadeur in Rome gebruik het. Hier staan mnr. Lubbe by die motor, 'n 1956-model Mercedes Benz 220S. Hy het dit in Maart 1976 by mnr. Petrus Kleyn van Vasco gekoop. Dié het die motor sowat tien jaar lank besit—die laaste twee jaar het dit op blokke gestaan. Die oorspronklike handboek van die motor is ook in mnr. Willem Lubbe se besit.

Herinneringe soos gister

Mnr. H. L. N. Conradie, Najaarsrus, Parys:

Hoewel ek in 1910 eerstejaar op Stellenbosch was, staan sommige van my herrinneringe my nog helder en duidelik voor die gees.

Wat rugby betref, het ek darem in 1913 soms in die A-of B-span gespeel. In die eerstespan het drie Stegmanns in die agterlyn gespeel. Anton, die Springbok, het toe senter gespeel, en sy twee broers, Eppie en Jan, was vleuels. Eppie was die moeilikste om neer te trek omdat hy sy knieë hoog voor sy bors opgetel het as hy hardloop doellyn toe.

Jan Stegmann het Transvaal toe gegaan en toe weer vandaar gekom vir die proewe in die Kaap. Hy is gekies vir die Springbokspan van Billy Millar van 1911-1912 wat ook die drie broers Luyt van Ceres bevat het, John voorspeler, Richard senter en Freddie skrumskakel. Jan Stegmann was die vleuel wat die mooiste oor die veld gehardloop het met sy lang treë. Ek sien hom nog as regtervleuel, hoe hy om sy opponent hardloop om sy drie te gaan druk.

Ek het in die eerste Intervarsity in die Kaap (Mei 1918) gaan speel, die enigste keer wat ek op Nuweland se A-veld gespeel het. Ons het altyd saam met dorpenaars op Stellenbosch gespeel en die dag moes ons sonder die dorpenaars en sonder afsonderlike oefening gaan speel. Drie spanne het verloor—ek meen net die tweede het gewen. Maar dié jaar—en ek meen later ook—het ons alles gewen. In my tyd was dit meer dikwels ook maar 'n kwessie van Rugby-Unie a la Maties!

Verskeie manne wat later diep spore in ons land se geskiedenis sou trap, het saam met my studeer. So was daar bv. wyle adv. J. G. (Hans) Strijdom, die Leeu van die Waterberg. Hy was 'n inwoner van Wilgenhof en ek het baie teen hom rugby geoefen. Hy het senter vir die derde span gespeel, en ek vir die vierde. Ek het nooit gedroom hy sou eendag ons Eerste Minister word nie.

Wie sou daardie dae gedink het dat Eric Louw so 'n beroemde man sou word; ook dr. Eben Dönges, dr. N. J. van der Merwe en die Tertiaan Stephen le Roux wat vleuel gespeel het vir die tweedespan. En 'n hele paar tokkelokke wat daardie tyd studente was, het ook vername manne op kerklike gebied geword, onder andere di. C. R. Kotzé, P. S. Z. Coetzee, dr. Nicol, Steyn van die B. en B. Bybelgenootskap, en verskeie ander.

Die bekende dr. N. J. van der Merwe, wat later in die politieke geskiedenis van ons land ook so 'n groot en belangrike rol gespeel het, en ek het saam by die destydse Unie Debatsvereniging aangesluit. Elkeen het 'n beurt gekry om na die verhoog te stap en homself aan die gehoor voor te stel. Hy het dadelik sy merk gemaak en die murg in sy pype geopenbaar. Ons het mekaar nou wel met waatlemoenskille beveg, maar in Junie 1915 op die C.S.V.-konferensie op Cradock was ek een van sy sterkste ondersteuners toe hy van die Engelse wou afskei.

U SKRYF AAN....

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Die was 'n kwaai stryd met verskeie afsonderlike vergaderings, maar eindelik by die stemming was ons in die minderheid. Afskeiding in die C.S.V. het toe heel party jare later eers gekom.

Die laaste wat ek dr. N. J. van der Merwe gesien het, was toe ek en hy op Ficksburg een aand alleen op 'n bank in die donker gesit en hy my vertel het hoe hy en adv. C. R. Swart by die uitdraaipad na sir Abe Bailey se huis gaan kyk en gesien het dat genl. Hertzog en 'n paar volgelinge na die partytjie gaan waar die smeltery van S.A.P. en Nat begin het. Dit moes omstreeks 1933 gewees het toe ek skoolhoof op Luckhoff was.

Ek kan nie swyg oor die werk van die A.T.V. in my tyd nie. Ek het in 1910 daarby aangesluit omdat my neef dr. D. G. Conradie (Administrateur van S.W.A. in die jare dertig) my reeds in 1908 bekeer het. Maar hulle was in die minderheid. Die meeste het Engels gepraat en die ander het 'n bak-en-broutaal gepraat. (Daarom het ek 'n anti-Bak-en-Broubeweging by Eendrag gestig, wat ook byval gevind het.)

Die A.T.V. was bedrywig en in 1911 het hulle 'n Taalkongres op Stellenbosch georganiseer waar onder andere oud-president Reitz 'n lesing gehou het oor: "Die Invloed van die Geskiedenis op die Volkskarakter". Ek onthou net dat hy gesê het: "Die Israeliete het deur die woestyn nie eers altyd drinkwater gehad nie, wat te sê nog waswater."

Die volgende jaar het die A.T.V. 'n studentekongres in die Kaap georganiseer. Die Minister wou in die begin nie konsessiekaartjies gee nie maar toe hy 'n paar maande later dit toestaan, het die studente in baie groter getalle gekom. Die voormiddag het hulle na Kampsbaai gegaan en die namiddag die stadsaal volgepak. Genl. Hertzog was die hoofspreker en Stephen Eyssen was die vernaamste sanger.

Maties help

D. D. M. de Villiers, Carlettastraat 2, Paarl:

Vier Maties van Calvinia (hulle name het ek in die verwarring nooit gevra nie) het my en my vrou pragtig bygestaan na 'n ongeluk bo-op Van Rhynspas op Maandag 17 Julie.

Net nadat ons bakkie uitgegly en met sy agterkant teen die muur vasgestamp het, het die Maties bygekom. Hulle het dadelik stilgehou en kom kyk wat hulle kon doen. Een het teruggery na die padkamp daar naby en die voor-

man versoek om met 'n vragmotor ons bakkie te kom uitsleep. Die agterkant van die bakkie was anderkant 'n sloot van sowat halfmeter diep. Daarna het hulle gehelp om die sleeptou en ander toue vas te gord en mannekrag bygesit terwyl die bakkie uitgesleep word. Toe ons weer veilig was, is hulle vort. Ons kon gelukkig die reis voortsit op eie krag.

Nogmaals baie dankie aan die vriendelike en hulpvaardige Maties van Calvinia.

Uit 1931 kom dié wysheid

Mnr. Villebois van der Spuy, Tweedestraat 35, Linden:

Nóg skrywer nóg digter is ek(!), daarom dat Die STELLENBOSSE STUDENT (destydse maandblad—dink ek—van Matieland) vriendelik geweier het om aangehegte rympie te publiseer.

As 'n mens die sewentigjaarmerk reeds met twee verbygesteek het, is dit tyd om op te ruim—vandaar die ontdekking (of her-) van hierdie rympie wat ek op 14 Oktober 1931 "konkoks" het in 'n poging om 'n bydrae te lewer tot DIE STELLENBOSSE STUDENT.

Miskien het dit net "verlede-waarde", daarom stuur ek dit aan u. Indien nie, koers dit dan maar asseblief snippermandjie toe.

OU STELLENBOSCH

As die ou-dae wolke digpak
En my litte wankelend kraak;
As my daggies afgetel is
En ek skaars-skaars kan onthou,
Sal ek jou nog nooit vergeet nie,
Nooit, Ou Stellenbosch.

Dan sal nuut my hart wil losskop
Van sy afgeleefde liggaamkrok.
Hy sal saam wil leef met Maties—
Maties wat in daardie tyd sal wees
Wat ons vandág nog is
Van Ou Stellenbosch.

'n Stadsaal op Die Braak,
Die Eieke uitgekap—
Want van teer is al die straaie
Vir Matiekarre op die paaie
In Ou Stellenbosch.

Maar nee, my hart sal gaan lê in my—
Tevrede en stil.
Hy sal, hy sal wil,
Dog nooit kan verstaan nie,
Hoe Matie-nageslagte
Sulke nuwerwetse Maties is,
En dit op Stellenbosch!

Oud-Maties Adresse Asseblief

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag kontak met alle Oud-Maties behou. Indien uself, of 'n ander Oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u onderstaande vorm sal invul en dit aan die redakteur sal stuur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF
Knip uit en stuur asseblief aan
Die Redakteur
Matieland
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Van: .....

Voorname: .....

.....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.,: .....

.....

Nooiensvan: .....

My ou adres vir *Matieland* is: .....

.....

.....

My nuwe adres vir *Matieland* is: .....

.....

.....

Telefoon: .....

My nuwe betrekking is: .....

.....

.....

.....

Telefoon: .....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle: .....

.....

.....

.....

Nadere besonderhede (prestasies, ens.): .....

.....

Na-uurse Maties

VIR menige deeltydse student loop die pad na 'n graad langs die Mike Pienaarrylaan op Bellville na die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Stellenbosch.

Moenie dink dis net Bellvilliete en ander Tygerbergers wat daar klas loop nie. Hulle kom van oor die hele Skiereiland, van Claremont en Ottery, en verder, van Franschhoek en die Paarl, en selfs van Riebeeck-Kasteel.

Die buitemuurse afdeling is sentraal op Bellville geleë. Voortrekkerweg, slagaar van die noordelike stadsgebiede, loop langs hom verby, en die Mike Pienaarrylaan se ses bane loop uit die nasionale pad vóór die gebou. Vir 'n noodgeval: die Karl Bremer-Hospitaal is aan sy linker- en die Tygerberg-Hospitaal onder Voortrekkerweg aan sy regterkant.

Kursusse soos B.Admin., B.Comm., B.Econ. en B.Rek. is beskikbaar. Die buitemuurse afdeling bied ook 'n beperkte B.A.-graad aan nadat 'n student 'n paar jaar gelede agtergekom het dat hy aan die vereistes vir só 'n graad voldoen. Honneurs- en magisterskursusse kan gevolg word.

Van aanstaande jaar af word 'n unieke kursus veral vir staatsamptenare aangebied: 'n tweejarige diploma in publieke administrasie wat net in die buitemuurse afdeling verwerf kan word.

Die vereistes vir toelating is matriek en praktiese ondervinding van publieke administrasie.

Die buitemuurse klasse het in 1958 in die geboue van die Hoërskool Bellville begin en later na die gebou op Bellville verskuif.

Klasse word ook in 'n anneks, Seaview, gegee. Dit was voorheen 'n koshuis toe die fakulteit van geneeskunde nog in die Karl Bremer gehuisves was. Dit het 'n mooi uitsig oor die see en 'n groot deel van die Tygerberg.

By die buitemuurse afdeling het hulle nie dieselfde parkeerprobleem as die Stellenbosse studente nie: 'n

Die hoofingang van die buitemuurse afdeling van die U.S. in Mike Pienaarrylaan op Bellville.

kom van oraloor

yslike parkeerterrein lê langs die hoofgebou.

'n Stasie word binnekort sowat honderd meter van die buitemuurse afdeling aangelê op 'n nuwe voorstedelike spoor wat by die hoofspoorlyn aansluit. Dit heet Oostersee en sal nog 'n gerief wees vir studente.

In die hoofgebou is 'n kafeteria met tafeltjies en stoele vir ontspanning, en 'n klein maar goed toegeruste biblioteek.

Klasse, van 17h30 tot 21h30, is so gereël dat drie sessies van dubbelperiodes per aand aangebied word.

Studente kan boeke en skryfbehoeftes by 'n boekhandel koop in die hoofgebou, wat een dag per week oop is, maar in die begin van die jaar tot drie dae.

Voorligtingsbeamptes van die Universiteit is Dinsdae en Donderdae van 14h30 tot 20h30 by die buitemuurse afdeling vir advies aan studente en voorligting aan skoolkinders.

Hoewel die buitemuurse student bowenal belangstel in 'n graad, is daar sosiale bedrywighede ook. Die buitemuurse afdeling het twee rugbyspanne, wat by die klub Bellville ingeskakel is, en gereeld in hul ligas wen.

Jaarliks word 'n afskeidsparty gereël, waar studente en dosente hulle sorge kan vergeet.

Die buitemuurse afdeling het 'n eie studenteraad van ses om goeie verhoudinge tussen studente en dosente te bewaar. 'n Program om nuwe studente touwys te maak, word in die begin van die jaar gereël en die studenteraadsvoorsitter, mnr. Francois van der Merwe, stuur af en toe 'n nuusbrief uit.

Na 'n volle werksdag moet 'n buitemuurse student klas loop en nog tuis studeer. Die meeste is getroud met 'n gesin wat aandag vra. Daarom, sê mnr. Van der Merwe, is motivering van die allergrootste belang.

Hy verkies buitemuurse studie bo korrespondensiekursusse. As hy oor die pos gestudeer het, sou hy nooit sy graad verwerf het nie. 'n Buitemuurse student word verplig om klasse by te woon en toetse te skryf en so uiteindelik by die eksamen uit te kom.

Dr. André du Toit, hoof van die buitemuurse afdeling, sê die universiteit is bewus van die buitemuurse student se probleme. 'n Ondersoek word gedoen om klastye van vyf aande tot drie aande per week in te kort.

Die standaard is dieselfde as vir binnemuurse kursusse. Dit is gewoonlik dieselfde senior en junior dosente wat klas gee.

Ook dr. Du Toit sê buitemuurse studie met persoonlike kontak tussen dosent en student is beter as korrespondensiekursusse. Mense wat oor die pos studeer, kom vra soms hulp en gebruik die bibioteek by die buitemuurse afdeling.

- Aansoeke om toelating by die afdeling buitemuurs word tot 31 Januarie ontvang.

'Republiek' mondig!

Die Republiek van Helderberg is vanjaar 21 jaar oud, en van Vrydag 18 tot Sondag 20 Augustus het oud-Helderbergers op Stellenbosch saamgetrek om dié geleentheid te vier. (Dié Republiek is in 1957 uitgeroep.)

Saam met die huidige Helderbergers is koshuisrugby gekyk (waar die Universiteit se trompoppies ook spesiaal vir die geleentheid opgetree het), vleisgebraai by die Plesierskuur en huisvergadering gehou. Daar was ook 'n kaas- en wynonthaal, 'n besoek aan 'n wynlandgoed en die Saterdagaand 'n reünie-dans in die stadsaal. Die Sondagoggend is 'n erediens in die Moederkerk bygewoon wat gelei is deur oud-Helderberger, dr. J. Kinghorn.

Oud-Helderbergers het ruim bygedra tot die koste vir die aanbou van 'n nuwe muurbalbaan wat pas by die koshuis voltooi is.

Regs: Mnr. Hugo Bergh van Graaff-Reinet, wat 'n lid van die eerste huiskomitee was nadat die koshuis in 1945 opgerig is.

Links: Drie oud-Helderbergers wat die reünie bygewoon het, is hier, van links af, saam met hulle vrouens: mnre. S. A. P. Dreyer ('n prokureur van die Strand wat in 1959 op die huiskomitee was), J. Streicher, wat by Swellendam boer, en Doug Brown, 'n Kaapstadse onderwysman en voorsitter van die W.P.-Atletiekafrigtersvereniging. Mnr. Streicher en Brown was albei in 1950 huiskomiteelede.

Aanstellings, bevorderings

Dr.
I. W. Hälbich

Dr.
J. de V. Lochner

Prof.
J. J. F. Taljaard

Die Universiteit het sedert die laaste uitgawe van Matieland drie hoogleraars, 'n ereprofessor en verskeie senior lektore en lektore ryker geword.

Die nuwe hoogleraars is dr. I. W. Hälbich (geologie), dr. J. de V. Lochner (geneeskundige biochemie en fisiologie) en prof. J. J. F. Taljaard (chemiese patologie). Dr. S. Klue is deur die U.S. vereer met 'n ereprofessoraat in besigheidsbestuur en -administrasie.

Prof. Hälbich het die grade B.Sc. (1956), M.Sc. (cum laude) (1959), en D.Sc. (1970) aan die U.S. verwerf. Voordat hy in 1971 senior lektor geword het, was hy senior eksplorasiegeoloog by Tsumebkorporasie in Suidwes-Afrika. Hy het in 1960 en 1961 navorsing in Duitsland gedoen. In 1970 het hy op uitnodiging seminaarklasse vir M.Sc.-studente aan die Imperial College gehou. Die Corstorphine-medalje en eerste prys van die Geologiese Vereniging van S.A. is in 1958 aan hom toegeken, en hy was in 1960/61 houer van 'n A. von Humboldt-navorsingsbeurs.

Dr. Lochner is vise-president van die S.A. Mediese Navorsingsraad. Hy is ook deeltyds internis by Tygerberg-Hospitaal. Hy het die grade B.Sc. (medies) (1957), M.Sc. in fisiologie (cum laude) (1959), D.Sc. in fisiologie (1964) en M.B., Ch.B. (1967) aan die U.S., en die LKI-kwalifikasie (1976) aan Unisa verwerf. Dertien beurse, stipendia en pryse is aan hom toegeken, w.o. die W.N.N.R.-beurs vir oorsese navorsing, die Koningin Victoria-stipendium en die A. J. Brink-prys vir die beste student in interne geneeskunde. Hy is assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en raadslid van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika.

Prof. Taljaard, tans hoof van die afdeling regsgeneeskunde aan Wits, het in 1961 die grade M.B., Ch.B. aan die U.P. en in 1973 die graad M.D. aan die Natalse Universiteit verwerf. Hy is in 1973 geregistreer as kliniese patoloog. Hy was van 1969 tot 1974 verbonde aan die Natalse Universiteit se mediese skool in Durban. Met sy aanstelling as professor in 1974 aan Wits, het hy hoofstaatspatoloog in Johannesburg geword.

Dr. Klue is voorsitter van die Produktiwiteitsadviesraad en van die werkgroep: Formulering van Nywerheidstrategie van S.A. Hy het op sy dag vir die klubs Tukkies, Diggers en Tuine eerstespanrugby gespeel.

Nuwe senior lektore is: mnr. H. Pretorius (ook hoof van die departement drama en direkteur van die H. B. Thom-teater), dr. I. L. Carstens (gemeenskapstandheelkunde), dr. P. G. R. de Villiers (bybelkunde) en mej. A. M. Esterhuÿsen (verpleegkunde). Nuwe lektore is: mnr. D. F. Frost (elektrotegniese ingenieurswese), dr. M. B. Groenewald (ortodonsie), dr. C. A. Hamman (tandheelkundige prostetiek), mev. A. J. Tötemeyer (biblioteekkunde), mnr. P. J. Eloff (geografie), mnr. R. A. J. van Rensburg (vervoerekonomie) en mnr. D. W. Auret (publieke administrasie en staatsleer).

In die departement ontwikkeling is twee senior ontwikkelingsbeamptes aangestel. Hulle is mnre. G. J. (Tex) de Swardt, wat veral verantwoordelik sal wees vir skakeling met oud-studente, skole en ander instansies en ook fondswerwing onder oud-studente, en H. S. Visser, wat hoofsaaklik skakeling met en fondswerwing onder maatskappye in Kaapland, die Vrystaat en Suidwes-Afrika sal behartig.

Mnr.
G. J. de Swardt

Mnr. H. Visser

Mnr. R. A. Scott

Mnr. De Swardt het die grade B.A. (L.O.) in 1955 en B.Ed. in 1960, en die Sekondêre Onderwysdiploma in 1956 aan die U.S. verwerf. Nadat hy 15 jaar in die onderwys gestaan het, het hy hom by Sanlam aangesluit, waar hy gevorder het tot streekbestuurder op Stellenbosch. Hy is 'n ywerige gholfspeler, en was op sy dag 'n steunpilaar in die P.S.O.-rugbyspan. As onderwyser het hy hom beywer vir toneel en sang, en is self nog lid van die Hans van Heerden-mannekoor. Sy eggenote Luna—sy was 'n nooi Swanepoel—is ook 'n oud-Matie. Die egpaar het vier kinders.

Mnr. Visser het die grade B.Comm. in 1955 en Honneurs-B.Comm. in 1969, en die Sekondêre Onderwysdiploma in 1956 aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Voor sy aanstelling was hy groepbemarkings- en bedryfsbestuurder van die Plaza-groep van hotelle. Hy was voorheen o.m. skakelbeampte in die bemarkingsafdeling van die S.A. Marinekorporasie (Safmarine), nasionale distribusiebestuurder van Simba-Quix en bestuurder (uitvoerbevordering) by Federale Volksbeleggings Beperk. Die egpaar Visser het drie kinders.

Mnr. R. A. Scott is aangestel as hoof van die U.S. se afdeling dataverwerking. Die 36-jarige mnr. Scott het die graad B.Sc. aan die Natalse Universiteit verwerf, en voordat hy op 1 Februarie 1975 as stelselontleder/programmeerder in diens van die U.S. getree het, was hy bykans sewe jaar in die private sektor.

KARNAVAL-KOMPETISIE 1979

Datsun se manjifieke nuwe J-reeks is by Schus Datsun

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

TEN BATE VAN USKOR
(W.O. 3077)

In samewerking met
SCHUS DATSUN

1e PRYS:
DATSUN 1600 J

2e PRYS:
DATSUN 120Y BAKKIE

SCHUS

- Die sluitingsdatum van die kompetisie is 31 Maart 1979.
- Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per persoon nie.
- 'n Inskrywingsfooi van R2,00 moet elke inskrywing vergesel.
- Die wenners van die kompetisie sal die insenders wees van die eerste 50 korrekte oplossings wat op 2 April 1979 oopgemaak word. Die wenners sal persoonlik in kennis gestel word en hulle name sal ook in die pers verskyn.

3e 'n Langnaweek vir 2 persone in enige S.A. hotel van u keuse gedurende 1979.
4e 'n Draagbare TV-stel plus 'n lisensie vir 1979.
5e 'n Hoëtroustel (Hi-Fi).
6e 'n Motorradio (FM; MW; SW.)
Nog 44 troospryse sal geskenk word, wat sal bestaan uit: (a) Elegante lessenaaraanstekers.
(b) Reistasse.
(c) Wynrakke uit Skandinawië.
(d) 'n Stel van 6 bierbekers.
(e) Saksigaretaanstekers.

- Inskrywingsfooi aan: **KARNAVALMOTOR KOMPETISIE, LANGENHOVEN-STUDENTE-SENTRUM, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH 7600.**
  Posorders en tjeks moet uitgemaak word aan U.S.-Karnavalfonds.

KARNAVAL-KOMPETISIE TEN BATE VAN USKOR (W.O. 3077)

Kies die korrekte antwoord (A of B of C) op elk van die volgende vrae en skryf dan die korrekte letter in die blokkie teenoor die vraag:

1. Sal Stellenbosch in 1979 (A) 3, (B) 30, (C) 300 jaar oud wees. ☐
2. Die Karnavalfonds is ten bate van (A) Suiderkruisfonds, (B) Uskor, (C) V.V.O. ☐
3. Die nuwe Datsun 1600J se enjingrootte is (A) 1200 cc, (B) 1400 cc, (C) 1600 cc ☐

R2,00 DONASIE

Naam:..... Adres .....

..... Kode:.....

alle soorte
drukwerk, verpakking,
tydskrif- en
boekpublikasie,
asook
advertensie-
promosie

tel:53-2011 Kaapstad
tel:836-9391 Jhb.

TRIO-RAND

TRIO-RAND · S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,
MASKEW MILLER, KRAFTPAK,
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,
PLASTICWRAP

Oud-Matie Goudstad se burgemeester

'n PLAASSEUN uit Oudtshoorn se wêreld wat in 1921 as eerstejaar op Stellenbosch aangekom het, is tans die burgemeester van Suid-Afrika se grootste stad. Die Johannesburgse burgemeester, dr.J. S. Otto, onthou nog hoedat hy een van die heel eerste inwoners van Dagbreek geword het.

Hy het aanvanklik in Tertia gebly, waar van sy medestudente mense was soos Fien Olivier (later 'n Springbokrugbyspeler) en Poen Brink Klopper (wat later hoof van die Weermag geword het). "Poen en ek is toe later saam Dagbreek toe—ons was van die eerstes wat in dié nuwe koshuis ingetrek het," vertel dr. Otto.



Oud-Matie dr. J. S. Otto met sy ampsketting.

Voordat hy die finale eksamen vir die B.Sc.-graad afgelê het, moes hy egter wegbreek om te gaan werk. Nadat hy drie jaar op Onderstepoort werksam was, keer hy in 1972 met studieverlof terug Stellenbosch toe om sy graad te verwerf. In daardie jaar was hy ook 'n lid van die studenteraad.

Ná die verstryking van sy studieverlof is hy aan die einde van 1927 terug na sy navorsingspos op Onderstepoort, en het hy terselfdertyd aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege (nou die Universiteit van Pretoria) verder gestudeer om in 1929 'n M.Sc.-graad in Biochemie te verwerf.

Dr. Otto vertel dat die biochemikus prof. Avril Malan (vader van die huidige hoof van die *Weermag, genl.* Magnus Malan, en oud-Springbokkaptein Avril Malan) en die bekende sir Arnold Theiler (wat destyds direkteur van die Onderstepoort-navorsingsinstituut was) die hulp en leiding verskaf het waardeur hy in staat was om sy navorsingsprojek se resultate te verwerk vir 'n D.Sc.-tesis. 'n Doktorsgraad is in 1937 daarvoor aan hom toegeken.

Dit was egter in die geneeskunde wat dr. Otto verder wou studeer. Terwyl hy hom aan die Universiteit van die Witwatersrand as dokter gekwalifiseer het, het hy self Biochemie aan sy mede-studente gedoseer.

Aan die einde van 1944 is dr. Otto na Shabani in Rhodesië waar hy vier jaar as mediese beampte van 'n groot asbesmyn gewerk het. Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1949 het hy hom as algemene praktisyn in die suide van Johannesburg gevestig.

Hy en sy vrou (Emerentia Stoffberg, met wie hy in 1933 getroud is) het hulle terselfdertyd vir die belange van die Afrikaners in die Goudstad begin beywer, sê dr. Otto. Hy is in 1954 verkies as lid van die stadsraad, maar het dié setel drie jaar later verloor. In 1962 is hy as lid van die Nasionale Party tot die stadsraad herkies.

Om burgemeester te wees van dié stad—waarvan die begroting meer as miljoen rand per dag beloop—is voorwaar 'n eer en voorreg, sê die waardige dr. Otto.

Hy beklemtoon dat hy baie trots is op hierdie "unieke" stad en sy mense.

Die Universiteit van Stellenbosch is op sy beurt baie trots daarop dat die merkwaardige man wat hierdie belangrike pos beklee ook 'n Oud-Matie is.

Kongresgangers beïndruk met Konservatorium

"'n MONUMENT vir Musiek in Suid-Afrika." Met dié woorde is die Universiteit se nuwe Konservatorium beskryf deur prof. J. P. Malan, hoof van die Toonkunsakademie aan die Universiteit van Pretoria, toe hy op 26 Augustus tydens die afsluiting van die vyfde nasionale musiekwetenskaplike kongres aan die U.S. gepraat het.

Nagenoeg 70 verteenwoordigers van musiekdepartemente aan feitlik elke universiteit in die land, asook studente van Kaapstad, Stellenbosch en Wellington, en 'n aantal musiekleerkragte e.a. belangstellendes het die kongres as gaste van die Universiteit se departement Musiek in die nuwe Konservatorium bygewoon. Die kongres word jaarliks deur die Komitee van Hoofde van Musiekdepartemente (K.H.U.M.) aangebied.

Die K.H.U.M. self is in November 1967 op Stellenbosch gestig op inisiatief van prof. Richard Behrens, die direkteur van die Stellenbosse Konservatorium.

"Prof. Behrens self, én die Universiteit, is werklik hoë lof toegeswaai vir die wyse waarop die Universiteit op sy kampus aan musiek erkenning gee," sê prof. Ryno Otterman, 'n U.S.-dosent wat met die kongres-reëlings behulpsaam was en ook 'n referaat gelewer het.

Bo: Dr. Anton Hartman, die hoof van musiek aan die Universiteit van die Witwatersrand en voormalige hoof van musiek van die S.A.U.K. (links), gesels tydens die kongres met dr. C. Stroux, 'n dosent in musiek aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Onder: Tydens die kongres is hier, van links af: prof. J. P. Malan (hoof van die Toonkunsakademie aan die Universiteit van Pretoria), mnr. J. Potgieter (hoof van die Staatskonservatorium in Windhoek), prof. R. Otterman van Stellenbosch, dr. H. Temmingh van die Universiteit van Port Elizabeth, prof. B. van der Linde van die Universiteit van Suid-Afrika en voorsitter van die KHUM, en dr. R. Temmingh van Stellenbosch.

Nog 'n Stellenbosse dosent, dr. Roelof Temmingh, se elektroniese komposisies op band is in die Fismersaal aan die kongresgangers voorgespeel en het 'n lewendige belangstelling by hulle uitgelok. Daarmee is die goed toegeruste elektroniese ateljee aan die Konservatorium se gaste bekend gestel.

Ook die uitstalling van ou musiekdrukke en boeke in die Konservatorium-biblioteek het die bewondering van die besoekers afgedwing. Dié uitstalling sluit in eeue-oue werke, soos "The Booke of Common Prayer, with the Psalter of Psalmes of David", wat in 1607 uitgegee is, en "The V V Hole Book of Psalmes collected into English Meetre" wat in 1598 in Londen gepubliseer is. Dit vorm 'n deel van die biblioteek en diskoteek van wyle kommandeur Michael Scott van Montagu, wat in 1976 deur die Universiteit aangekoop is. Sommige van die werke in dié versameling is van onskatbare waarde, en bestaan moontlik nêrens anders in die wêreld nie.

Benewens 'n halfdosyn navorsingsverslae is ses lywige referate tydens die 1½-daagse kongres voorgedra. Die kongres is op 25 Augustus amptelik geopen deur die U.S. se Rektor, prof. Jannie de Villiers, wat, terwyl het 'n geneeskunde-student aan die Universiteit van Kaapstad was, ook onder prof. Lionel Bowman klavier gestudeer het. Prof. Bowman, 'n bekende konsertpianis, is tans verbonde aan die Konservatorium op Stellenbosch.

Marais en Marais aan 'bewind'

Die Eikestad se nuwe burgemeester, mnr. Piet Marais (foto links), is 'n oud-Dagbreker wat die grade B.A. en LL.B. aan die U.S. verwerf het. Sy voorganger was mnr. Piet Lombard, ook 'n oud-Dagbreker, en direkteur van ontwikkeling van die Universiteit. Hulle was in 1953 saam in Dagbreek. Mnr. Marais was van September 1976 tot September vanjaar onderburgemeester.

'n Lid van die Raad van die U.S., mnr. C.W. (Basie) Marais (foto regs), is Stellenbosch se nuwe onderburgemeester. Hy was van 1966 tot '68 en weer van 1970 tot '72 burgemeester. Vroeër was hy ook twee termyne onderburgemeester.

'n Vesting val voor Evas

'n VESTING wat baie jare die uitsluitlike domein van die man was, het voor die geslag van Eva "geval".

Tweede luitenant Annette Leijemaar (22), en kandidaat-offisiere Sonja Human (20) en Sandra Viljoen (22), het pas klaar eksamen geskryf in die U.S. se fakulteit krygskunde aan die Militêre Akademie op Saldanha. Hulle visiere is gestel op die graad B.Mil. en aldrie was vanjaar eerstejaars—die eerste keer dat vroue heeltyds aan die Militêre Akademie vir 'n graad studeer.

Luitenant Leijemaar se tuisdorp is Sasolburg en sy het aan die Hoër Volkskool op Potchefstroom gematrikuleer. Kandidaat-offisier Human is 'n Durbaniet waar sy aan die Hoërskool Port Natal matriek geskryf het. Kandidaat-offisier Viljoen kom van Rustenberg. Sy het matriek aan die Klerksdorpse Hoërskool geslaag. Dié drie "indringers" is aan die personeel op George verbonde en het verlede jaar die kursus vir junior offisiere gevolg.



Die drie vrouesoldate wat geskiedenis gemaak het—hulle is v.l.n.r. tweede luitenant Annette Leijemaar, KO Sonja Human en KO Sandra Vijoen—verskyn hier saam met die bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. Alex Potgieter (tweede van regs), die dekaan van die fakulteit kryskunde, prof. kapt. Hennie Nel (in Vlootuniform), en die Akademie se studenteleier van 1978, kapt. Gary Barron.

Die raadsaal van die fakulteit geneeskunde aan die U.S. heet nou die J. N. de Villiers-raadsaal. Die fakulteitsraad van geneeskunde het op 'n vergadering besluit om by die U.S. se raad aan te beveel dat die raadsaal na die Rektor, prof. Jannie de Villiers, vernoem word. Voor hy Rektor geword het, was hy jarelank hoogleraar en hoof van die departement verloskunde en ginekologie in dié fakulteit. Die vernoemingsplegtigheid het op 24 Julie plaasgevind, en die Rektorspaar verskyn hier pas na die onthulling deur mev. Geraldine de Villiers.

Prof. en mev. C. G. W. Schumann van Stellenbosch het op 19 Julie hulle goue bruilof gevier. Al hulle kinders, van die aangetroude kinders en sommige van die 16 kleinkinders, was teenwoordig. Prof. Schumann is nog verbonde aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit van Stellenbosch. Hy het dit in 1944 gestig. Sy vrou, Winnie, was ondervoorsitter van die Wêreldbond vir Plattelandse Vroue. Op die gebied van die ekonomiese wetenskap en navorsing het prof. Schumann in Suid-Afrika baanbrekerswerk verrig. Hy is 'n gewese dekaan van die fakulteit handel en administrasie en hoogleraar in bedryfsekonomie aan die U.S. Prof. Schumann het op 17 Desember vanjaar sy 80e verjaardag gevier.

Genl.-maj. Edwin Pienaar, 'n Oud-Matie, is vroeër vanjaar aangestel in die nuwe pos van Inspekteur-Generaal van die Suid-Afrikaanse Lugmag. Hy was sedert Maart 1975 hoof van Lugstafoperasies en voor dit onder meer Weermagattaché in Frankryk en 'n vegvlieënier in Korea. Hy het in 1951 die graad B.A. aan die U.S. verwerf en sy vrou, mev. Fleurette Pienaar, was 'n nooi Stander wat van 1947 tot 1950 aan die U.S. studeer het.

aria Fotovaria Fotovaria Fotovaria Fotovaria Fotovaru

'n Simposium wat gehandel het oor die invloed van finansiering buite die balans op die rentabiliteit, likwiditeit en solvabiliteit van nywerheidsondernemings in die R.S.A. in 1977 is in September aan die U.S. gehou. Onder die sowat 60 aanwesiges was v.l.n.r. mnr. R. S. de la Bat, adjunk-hoofbestuurder van die K.W.V., prof. C. G. W. Schumann van Stellenbosch, dr. Hennie Reynders, uitvoerende direkteur van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, prof. Fred du Plessis, onder meer besturende direkteur Sanlam, prof. A. E. Scheurkogel, hoof van die departement bedryfsekonomie, dr. J. A. Mouton, hoofbestuurder Langeberg Koöperasie Bpk. en mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die departement ontwikkeling.

Mnr. H. Griffiths wat verlede jaar die graad Honneurs-B.Rek. aan die U.S. verwerf het, was die enigste een van sowat 1 100 kandidate wat vanjaar die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad met lof geslaag het. Ses-en-veertig persent van die kandidate het die eksamen met sukses afgelê. Hier word mnr. Griffiths (regs) met sy prestasie gelukgewens deur prof. J. A. Matthee van die Universiteit se departement rekeningkunde. Prof. Matthee is in Oktober vanjaar benoem tot lid van die opvoedkundige komitee van die Rekenmeestersraad.

'n Groot eer het prof. Willie van Niekerk, hoof van die departement verloskunde en ginekologie in die fakulteit geneeskunde aan die U.S., onlangs te beurt geval. Hy is verkies tot erelid van die American Association of Obstetricians and Gyneacologists. Hy is reeds erelid van die American Gyneacological Society. Benewens prof. Van Niekerk is daar net vier buitelanders wat erelede is van albei hierdie verenigings.

Mnr. A. J. (Jack) van Wyk, 'n Oud-Matie en senior hoofbestuurder van Sanlam, wat tot raadslid van Skotland se Faculty of Actuaries verkies is. Hy is ook vroeër vanjaar op die jaarvergadering van die Afrikaanse Handelsinstituut in Durban tot nuwe president van die Handelsinstuut verkies. Hy het mnr. Anker Burger, ook 'n Oud-Matie en voorsitter van die Trust-Bouvereniging, in dié pos opgevolg.

Koor kyk terug op veel sukses

'n UITVOERING waarmee die eerste somerseisoen van die Oude Libertas-amfiteater op Stellenbosch afgesluit is, 'n spesiale Rektorsuitnodigingskonsert as deel van die ingebruikneming van die Universiteit se nuwe Konservatorium, verskeie radio- en televisie-optredes, geesdriftige gehore en talle waarderende woorde van koerantresensente. Dít was van die hoogtepunte waaroor die Stellenbosse Universiteitskoor en hulle dirigent, dr. Johan de Villiers, vanjaar kan terugkyk.

Dit was vir die koor 'n groot eer om op uitnodiging in die Oude Libertas-amfiteater op Stellenbosch én met die opening van die Konservatorium te sing, sê dr. De Villiers. Dié amfiteater is net voor Kersfees verlede jaar ingewy met 'n uitvoering deur die wêreldberoemde pianis Vladimir Ashkenazy.

Die teater (waarvan die ontwerp teruggaan op die klassieke teaters van die Griekse beskawing) is enig in Suid-Afrika. Dit het dadelik baie gewild geword—ook onder die inwoners van Kaapstad en besoekers uit ander dele van die land. Die amfiteater was stampvol toe die koor op 15 April die afsluitingskonsert van die openingseisoen aangebied het.

Verskeie kabinetslede en adjunkministers, 'n halfdosyn ambassadeurs, ander diplomate en hoë sakelui en staatsamptenare was onder diegene wat spesiaal deur die Rektorspaar genooi is na die uitvoering in die Endlersaal van die Konservatorium op 27 Mei tydens die reeks konserte met die ingebruikneming van dié gebou.

Altesaam 19 vollengte-uitvoerings is vanjaar aangebied. Sewe daarvan was in die wintervakansie, toe opgetree is in Bloemfontein, Kimberley, Welkom, Johannesburg en Pretoria, en op Kroonstad en Potchefstroom. Radio- en televisie-opnames is toe ook gedoen.

Die Stellenbosse publiek het in September die geleentheid gekry om die koor in die Endlersaal te hoor, en in Oktober is 'n uitvoering vir studente daar aangebied. Dr. De Villiers hoop dat die studente-uitvoering nog 'n tradisie op Stellenbosch sal word. Hy sê die studente—wat die saal volgepak het—het werklik laat blyk dat hulle baie waardering het vir hulle eie Universiteitskoor (waarvan al die lede ingeskrewe U.S.-studente is). "Hulle was 'n spontane en uiters geesdriftige gehoor."

Nog plekke waar die koor voor entoesiastiese gehore in vol sale opgetree het, was op Potchefstroom, in Pretoria en in Bloemfontein—waar die gehoor in die Odeion hulle staande toegejuig het.

Van dié uitvoering het die Volksblad se resensent geskryf: "Die Universiteitskoor van Stellenbosch met Johan de Villiers as dirigent verdien groot lof vir sy uitvoering Saterdagaand in 'n stampvol Odeion. Sy ambisieuse program, wat baie keurig saamgestel is, toon geen huiwering om werke met hoë tegniese eise aan te durf nie."

Van die uitvoering in die Potchefstroomse Konservatoriumsaal het Minette Joubert in Beeld geskryf: "Johan de Villiers kwyt hom besonder goed van sy taak. Die studente is vol lewensvreugde en geniet dit wat hulle doen—beslis 'n resep vir verdere sukses."

Van die Pretoria-uitvoering op 1 Julie (waarvoor al die kaartjies drie weke voor die tyd uitverkoop was) skryf Paul Boekkooi, die kunsredakteur van Oggendblad: "'n Volgepakte Musaion kan getuig van, en hét trouens, spontaan gereageer op 'n programkeuse wat gebalanseerdheid sowel as oorspronklikheid uitgestraal het.

"Daar was soveel nuuts—ook uit eie bodem!—dat dr. De Villiers bewys gelewer het dat koormusiek beslis nog in 'n kategorie van 'aptytwekkende

onversadigbaarheid' val."

Die resensie lui verder: "Die jong dirigent het pragtige stemmateriaal tot sy beskikking en 'n onervare dirigent sou dié potensiaal miskien deur sy vingers kon laat glip. Dit gebeur egter nie. Johan de Villiers ken die vermoë van elke individuele stem in sy koor."

Onder die opskrif "Stellenboschkoor onoortreflik" skryf die resensent van Hoofstad, 'n ander Pretoriase koerant: "Die Universiteitskoor Stellenbosch het verlede Saterdagaand in die Musaion gesorg vir 'n musiekgebeurtenis wat nie geïgnoreer kan word nie. Hierdie koor stel 'n standaard van estetiese a cappella-

Die opskrif bokant Die Transvaler se resensie lui: "Universiteitskoor was skitterend". Daar word gesê: "Die koor se presiesheid en intonasie en duidelikheid van uitspraak was van die begin af opvallend."

Ook die Rand Daily Mail se resensent, Harold Steafel, is vol hoë lof vir dié uitvoering: "If one looks for perfection in choral singing there is no need to go further than what was heard here. The weight of voices was well balanced, attack and finish faultless and articulation could not be bettered. In this last particular it may have been helped by the well-opened mouths of all the choristers."

Die Mail-resensent se gulhartige

muntend dat 'n mens doodgewoon meegesleur word ..."

Van die koor se uitvoering in die Kaapstadse Stadsaal sê die Cape Times se resensent: "Any association between the City Hall and the Cathedral of St Mark's in Venice must surely seem somewhat fanciful, but there were moments last Saturday night as the jubilant antiphons of Giovanni Gabrieli's motet, 'In Praise of Music', soared through its baroque decorations when one recalled the dim, spacious splendours of that cathedral by the sea where so much of Gabrieli's music first found its voice.

"This, however, was but the first

Die koor oefen vier aande per week.

sang daar."

"Johan de Villiers verdien alleen die hoogste lof vir die besondere knap wyse waarop hy die Universiteitskoor van Stellenbosch dirigeer en inspireer," skryf Die Vaderland se resensent van die uitvoering in die Johannesburgse Stadskouberg op 3 Julie.

"Hierdie goedgevarieerde program was louter estetiese genot van begin tot end," sê hy, en voeg by: "Die koor, wat paslik begin het met Lofsang aan die Musiek van Gabrieli, het, afgesien van die suiwer musikaalafgeronde sang, 'n besondere goeddeurdagte program aangebied."

beskouing lui verder: "A sense of dedication seemed to infuse the 60 odd singers and the overall impression was of conductor Johan de Villiers playing upon a vocal keyboard as though he were an organist in control of a responsive instrument.

Van die koor se optrede in die S.A.U.K.-konsertateljee in Seepunt in die Kruik-musiekreeks Komponis aan die Woord (waarin verwerkings van Dirkie de Villiers, vader van die Stellenbosse Universiteitskoordirigent, uitgevoer is), skryf Pieter Kooij in Die Burger: "Die Stellenbosse Universiteitskoor sing so uit-

port of call in a programme presented by the Stellenbosch University Choir, wide-ranging both in style and in origin. The choir under its conductor, Johan de Villiers, matched this universality with a remarkable variety of mood and attack."

Die Burger se resensent skryf van hierdie uitvoering: "Die koor se suiwer toonkwaliteit, fynsinnige frasering, goeie balans en diksie het my uit die staanspoor geïmponeer."

Hy noem dit verder: "'n Kredietwaardige uitvoering waarin alle aspekte op treffende hoë peil gehandhaaf is."

AANVAAR HULLE SOOS HULLE IS

Vandeesmaand keer die eerste groep nasionale diensplichtiges met twee jaar verpligte militêre opleiding agter die rug uit 'n streng dissiplinêre milieu na die breë samelewing terug. Hierdie terugkeer na 'n gemeenskap met sy eie reëls en gedragskodes (of moontlik juis daarsónder!) gaan nie net van die soldaat 'n bewustelike aanpassing vra nie, maar ook vir elkeen wat met hom te doene kry. Johan Coetzee, militêre korrespondent van *Huisgenoot,* en lid van die Burgermag wat self as offisier in Angola geveg het, verduidelik wat die akademie van die terugkerende soldate kan verwag . . .

DIT is redelik om aan te neem dat talle van dié soldate hulle in 1979 op die U.S. kampus en ook ander van ons land se kampusse sal bevind. Ek wil binne die beperkinge van 'n kort artikel 'n paar riglyne vir kommukasie en kontak met die soldaat neerlê. Kom ons stel onsself 'n paar tersaaklike vrae:

Wat het die soldaat in sy twee jaar ervaar waarvan ons kennis moet neem?

Ten eerste het die militêre masjien, waarin hy 'n baie klein maar uiters belangrike onderdeel was, hom gedeeltelik sekere simbole van sy individualiteit ontsê. Hy was twee jaar lank net 'n nommer, rang en naam, 'n geweerskutter of 'n kannonier of wat ookal. Behalwe vir rangtekekens, het hy saam met almal in sy gemeenskap presies dieselfde klere gedra.

Tweedens is sy daaglikse optrede bepaal deur 'n strengbeheerde tydtafel met net militêre doeleindes (selfs wanneer hy sport beoefen het, was dit vir die Weermag).

Derdens is dit redelik om aan te neem dat die soldaat grensdiens gedoen het. Wát ookal sy ervaringe aan die grens was, en watter invloed dit op sy persoonlikheid gehad het, het dit hom ook 'n besondere sin vir prestasie gegee—en waarop hy baie jaloers gaan wees. Onthou: behalwe vir sy matrieksertifikaat, is grensdiens ál prestasie wat hierdie jong man die samelewing aan te bied het. Vir hóm is dit dus baie belangrik. Die soldaat was ook twee jaar lank in 'n sekere mate beperk tot 'n sosiale kring wat hoofsaaklik uit mans bestaan. Hoewel die stelsel van naweekpasse hom redelik toegang tot die teenoorgestelde geslag bied, was daar geen sprake van gedurige, normale kommunikasie nie.

En laastens is die soldaat gewoond aan 'n militêre taal en, afhangende van sy eie leesgewoontes, 'n vreemdeling vir die vlak van taalgebruik wat van nature op 'n kampus en in die lesingsaal aangetref word.

Wat gaan die teruggekeerde soldaat op 'n kampus vreemd vind?

Ten eerste sal hy hom moet aanpas by die vryhede om homself as individu te regverdig. Dit sluit in norme soos kleredrag, aanspreekvorme, die gebruik van drank en vryetydsbesteding. Dit geld vir sy kleredrag. Uit die aard van die saak lê die Weermag 'n gesonde norm van netheid neer, maar hy kan daartéén rebelleer wanneer hy mag kies wat hy wil doen.

Tweedens gaan hy 'n besondere behoefte hê om sy prestasie van grensdiens met 'die wat nie daar was nie', te deel. As 'n mens dit beoordeel as 'n aanbod van die soldaat se kant af om deur sy nuwe omgewing aanvaar te word, en as sulks hanteer, hoef dit geen probleme op te lewer nie.

Derdens gaan die soldaat waarskynlik gulsig deelneem aan 'n kampus se sosiale lewe—totdat hy daarteenoor stabiliseer. Weermagopleiding maak ruim voorsiening vir korrekte optrede teenoor die vroulike geslag en geen soldaat keer van die grens af terug as 'n potensiële wellusteling nie—behalwe as hy reeds voor sy opleiding persoonlikheidsprobleme gehad het. Die soldaat gaan 'n kort rukkie lank ontuis aan kampus- en lesingsaaltaal wees. 'n Begrip vir sy probleme sal dit mettertyd uit die weg ruim.

Waaraan het 'n grenssoldaat dus behoefte?

Tyd en aanvaarding. Ons moet onthou dat militêre opleiding hierdie jong man geleer het om vir homself te sorg. Op 'n kampus moet hy nou ook vir homself dink en dit neem tyd. Omdat hy 'n sterk-ontwikkelde groepsgevoel met hom saamgebring het, is dit redelik om aan te neem dat hy juis op 'n kampus na nuwe groepe sal soek om hom te aanvaar.

Gee hom tyd, en aanvaar hom met ope arms. Hy verdien dit.

Die skrywer van dié artikel se bundel kortverhale oor die grensoorlog, Verby die Wit Brug, *het pas by Human & Rousseau verskyn. Hier oorhandig hy 'n eksemplaar aan die Eerste Minister en Minister van Verdediging, dr. P. W. Botha.*

Ons het 'n wyn gemaak – Carlsheim

Vanaf die voetheuwels van die Simonsberg sien mens die wingerde van die Uitkyk Landgoed hoog teen die hange van die berg opstrek. In daardie verweerde granietgrond het die wingerdstokke diep wortel geskiet en aard die edelste witwyn-cultivars – Riesling, Clairette Blanche en Steen – beskut in die suidwestelike skaduwees van die hange, koel en fris in 'n klimaat wat miskien geëwenaar, maar nêrens oortref kan word nie.

Geniet die vrug van hierdie wingerde in elke bottel Uitkyk Carlsheim. Ontdek in sy smaak die koel, droë berglug en ervaar die delikate boeket van cultivars meesterlik versny tot 'n wyn van onvergelyklike karakter en gehalte.

Gesertifiseer deur die Wyn- en Spiritus-raad as 'n Landgoedwyn uit die Wyn van Oorsprong-gebied Stellenbosch.

Uitkyk Carlsheim
'n Delikate, droë witwyn.

Ook afkomstig van die Uitkyk Wynlandgoed:
Uitkyk Carlonet Cabernet Sauvignon - W.O.S.
Uitkyk Riesling
Uitkyk Late Harvest



Gebore en getoë op die Landgoed. Gebottel en bemark deur Die Bergkelder.

BERGKELDER STELLENBOSCH

BB110A/R


TOYOTA
ALLES LOOP REG, ALTYD REG
TOYOTA
T2619/a Lindsay Smithers - FCB